



Kompass

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 14 / no. 8
Augustus 2005

HULPVERLENING

Sorg vir die huisgenote van die geloof. Dit doen ons graag, ten minste as ons enigsins liefde vir ons medegelowiges het. En na buite? Gaan ons hulp enigsins verder as die kerkmuur? As ons eerlik is, dan moet ons erken dat ons hulp "na buite" dikwels assosieer met mense wat nie weet hoe om op 'n goeie manier die evangelie nog duidelik aan mense te bring nie. Ons dink byvoorbeeld aan die Wêreldraad van Kerke wat betrokke raak by die stryd van die leërs van politieke bevrydingsvegters. Die evangelie word somer maklik verskraal tot 'n lewenshouding waarin ons bloot moet wys dat ons solidêr is met die nood in die wêreld. Die verkondiging van die evangelie waardeur mense tot geloof en gehoorsaamheid in Christus geroep word, word dan 'n tweederangse persoonlike saak.

In ons sendingwerk maak ons dikwels ook 'n besonder skerp onderskeid tussen "evangelieverkondiging" enersyds en "hulpverlening" andersyds. Is dit tereg? Ons het groot terughoudendheid ten opsigte van ons diakonale taak buite ons eie gemeente(s). Miskien presteer ons nog om 'n paar kollekte in te samel onder die vaandel van die diakonie vir "algemene Christelike doeleindes". Behalwe dat ons ernstig moet besin of ons ons Christelike verantwoordelijkheid nakom, laat ons ook nie reg geskied aan die verkondiging van die evangelie op hierdie manier nie. Wil die Here nie juis deur die bewys van sy barmhartigheid mense tot geloof en bekering bring nie?

Woord en daad in die uitdra van die evangelie kan nie van mekaar losgemaak word nie. Die krag van die verkondiging van God se ontferming lê juis daarin dat dit vir God werklik 'n saak van ontferming oor mense is. Dit gaan vir Hom nie oor engele nie, maar oor mense (Heb. 2). God het in Christus medelye met mense. Mense se vervreemding van God het onuitspreklike lyding, gebrek en armoede tot gevolg. Sal ons daad van Christelike barmhartigheid dan nie juis geweldige opening kan (en moet) gee aan die verkondiging van die Woord nie?

Hulpverlening in die wêreld deur die kerk hoef nie gedoen te word ten koste van die verkondiging van die evangelie nie. Ons hulpverlening aan ons naaste wat nog van God vervreem is, kan die evangelieverkondiging baie konkreet maak. Die evangelieverkondiging kry op hierdie manier "gesig". En dan moet ons hulpverlening meer wees as 'n goedkoop manier om mense by die evangelieverkondiging uit te bring. Ons moet deur ons hulpverlening 'n ligbron wees in 'n donker wêreld van nood en gebrek. Mense moet by ons as gemeentes egte barmhartigheid kan vind en op hierdie manier ook uitkom by die groot Ontfermer. Deur ons hulpverlening moet ons vir mense laat sien dat stukkende lewens werklik herstel kan word by die Here. Die vroeë kerk was bekend om hulle hulpverlening. Wanneer hulp verleen is, is nie eers gevra of mense reeds glo nie. Selfs onder gevare van siektes was geen muur te hoog om die lig van God se barmhartigheid die wêreld in te laat skyn nie.

In Hierdie Uitgawe



Tema: Afrika ontwikkeling

- Uiteindelik 'n jubeljaar 2
- Gleneagles en die millenium ontwikkelings doelwitte 3
- Afrika Renaissance 6
- Kerk, Wêreld & Armes.. 9
- VGKSA: sinode 2005 12
- Onderhoud met Ds Pieter en sr Jenny Boon 14
- Hebreërs 16
- Onderlinge pastoraat in die gemeente 19
- Liturgie: kinders in die kerk 21
- Enigste kind 23

UITEINDELIK 'n JUBELJAAR?

Martin de Wit



moet 'n vrylating in die land uitgeroep word of soos die nuwe vertaling (NV) dit vermeld (Lev. 25:10): *Daar moet 'n landswye afskrywing van*

TEMA: AFRIKA ONTWIKKELING

\$110 miljard! Afgeskryf. Kwytgeskeld. Altans dit is die beloftes. Voorstanders van die vrye mark beklemtoon dat dit nie armoede gaan aanspreek nie. Drukroepe soos Jubilee bevraagteken die stadige tempo en knellende voorwaardes. Sekere Christene trek verbande met die Bybelse jubeljaar. Dis tyd om op soek te gaan na Christus se verlossende genade.

Van die \$108 miljard wat 34 van Afrika se 53 lande skuld, is \$25 miljard gekanselleer, en \$17 miljard

se verdere kwytskeldings is toegesê. Hierdie kwytskeldings is egter wel op voorwaarde dat die besparings aangewend sal word aan goeie doele soos onderwys en gesondheidsorg. Die realiteit is egter dat kwytskeldings ver agter skedule is, dat Afrika se leiers kosbare energie daarin steek om skuldverligting en ontwikkelingshulp op internasionale agendas te hou, en dat besparings nie altyd uitkom waar dit moet nie.

Die vraag in die finansiële wêreld is al lank nie meer of kwytskelding noodsaaklik is nie, maar onder watter voorwaardes dit moet gebeur. Die armste lande val nou onder die 'highly indebted poor countries programme' (HIPCP), 'n program wat 'goeie gedrag', waaronder goeie bestuur en bewys van sosiale besteding beloon met die afskrywing van skuldverpligtinge. Die Afrika Unie (AU) vra verder vir 'n algehele afskrywing van skuld, wat natuurlik nie op goeie internasionale ore val terwyl die vure van magismisbruik en korrupsie in eie kraal kort-kort weer opvlam nie.

Die Afrika-beste-oorgelaat-aan-homself-groep beklemtoon die voordele van vrye handel vir die verligting van armoede. Meer produksie of meer verbruik, meer mark, meer arbeid, meer inkomste en dus minder armoede. Volgens hulle hou die hele skuldverligting en ontwikkelingshulp debat Afrika terug van die werklike oplossings.

In hierdie debat is daar 'n groep wat skuldverligting as 'n morele eis sien en dikwels word daarvoor Bybelse gronde aangevoer. Hiervoor word daar verwys na Lev. 25 en Deut. 15 waar die reëls rondom kwytskelding van skuld in die jubeljaar uiteengesit word. Vandaar ook die naam van hierdie groep: Jubilee.

In Lev. 25 en Deut. 15 word daar inderdaad aan die volk Israel 'n opdrag gegee om elke sewe jaar die land te laat rus en elke 49 jaar

skuld geproklameer word. Deut. 15 skryf voor dat skuld elke sewe jaar kwytgeskeld moet word.

Hierdie voorskrifte word gegee binne 'n bepaalde konteks. Deut. 15:15 en Lev. 25:38, 55 beklemtoon die feit dat Israel self almal slawe was in Egipteland en dat die HERE God hulle daarvandaan verlos het. Uitbuiting pas nie by iemand wat pas sy of haar vryheid ontvang het nie. Verder word daar telkens vermeld dat die land aan die Here behoort (Lev. 25:2, 23). Deur hierdie land eens in 'n sewe jaar aan God te wy is om erkenning te gee aan hierdie feit. Niks minder as die eer van die Here staan op die spel: *Uit eerbied vir julle God mag julle mekaar nie uitbuit nie* (Lev. 25:17 NV) en ... *tot eer van die Here is daar 'n kwytskelding uitgeroep* (Deut. 15:3). Vergryp aan God se eiendom en 'n ekonomiese verdrukking van die naaste staan op een lyn. God se eer word te na gedoen.

Daar is 'n onderskeid tussen die volk en die uitlander: *Die uitlander mag jy aanmaan; maar wat jy by jou broer het, moet jou hand kwyt-skeld* (Deut. 15:3). God se eis is eerste gerig aan sy volk.

Hierdie Skrifgedeeltes word alleen maar ryker as ons dit lees binne konteks van Christus se lyde en sterwe. Hebreërs 7 beskryf in duidelike taal hoe die priesterskap volgens die orde van Melgisedek volkome geword het. Die (Levitiese) wette (sien ook Heb. 7:11) het niks volkome gemaak nie, in opeenvolging het Jesus egter borg geword van 'n beter verbond (Heb. 7:22). Die offers van die ou verbond moes telkens herhaal word, maar Christus se eenmalige offer was heeltemal voldoende.

Ons moet alleen die verlossende genade van Christus glo. Soos die volk Israel uit Egipte gelei is, so is ons vandag veel meer verlos uit die

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943
E-pos (stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. JW Douma
Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel. (021) 919-5176

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. J van Dijk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 332-1107

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland •10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos •40

sonde deur die bloed van Christus. Uitbuiting pas inderdaad nie by iemand wat hierdie groot genade mag ontvang nie. Soos wat Israel eerbied aan die Here moes betoon deur skuld kwyt te skeld, soveel te meer moet ons ook eerbied betoon deur nie ons broers uit te buit. Die veelvuldigheid van die offers is nou nie meer belangrik nie, maar alleen 'n geloof in Christus se verlossingswerk.

Dit gee ook 'n ewigheidsperspektief. Dan streef ons eerder na rykdom in goeie werke, vrygewigheid en mededeelsaamheid, en daardeur word 'n skat weggeleë in die toekoms (1 Tim. 6:18-19).

Hierdie vernuwende krag moet ook deurspoel na die ekonomiese lewe

en die keuses wat ons as individue, gesinne, kerke, regerings, finansiële instellings en ander organisasies maak. Ideologieë moet op grond van God se Woord beoordeel word, maak nie saak of dit teen sg. 'gesonde ekonomiese beginsels' indruis nie. Skuldverligting staan binne die konteks van God se verlossingswerk. Hoe kan die groot liefde wat aan ons bewys is dan geen weerklank vind in ons alledaagse ekonomiese besluite nie? Is dit nie iets wat veral tussen broeders meer aandag kan ontvang nie (Deut. 15:3)? Is ons dalk ook vasgeval in beperkings wat motto's soos 'groeïende behoeftebevreëdiging' en 'oorlewing van die sterkste' aan ons opdring?

In 'n gebroke wêreld kan ons alleen poog om ten beste meewerk aan 'n samelewing waar Bybelse beginsels vir die bestuur van God se Skepping sy weerklank vind, hoe swak dit ook al menslikerwys mag lyk. Die skrynende armoede in Afrika kan en mag ons dan ook nie koud laat nie. Maar, God se eer word gekrenk as maatskaplike programme direk op Ou Testamente tiese voorskrifte geskoei word sonder om die bevryding van Christus se verlossingswerk te aanvaar. As rentmeesters staan ons in die brandpunt van hierdie afweging.

God besit alles, beheer alles, dra alles. Christus het alreeds die oorwinning behaal. Die Afrika-skuldverligtingsdebat gee ons weer 'n geleentheid om hieroor te besin.

□

GLENEAGLES EN DIE MILLENNIUM ONTWIKKELINGS DOELWITTE

Arie Roos



TEMA: AFRIKA ONTWIKKELING

In Julie vanjaar het die G8 lande (die VSA, Kanada, Frankryk, Japan, Duitsland, Italië, Brittanje en Rusland) in Gleneagles in Skotland vergader waar onder andere die skuldverligting van Derde Wêreld Lande, waarvan die meeste in Afrika gevind word, ter sprake gekom het. Die besluit van die Gleneagles onderhandelinge is derhalwe van die grootste belang vir Afrika.

DIE SKULDLAS

Oor die skuldvas en skuldverligting van die arm lande sal u elders in hierdie uitgawe in meer detail kan lees. Dit is 'n dilemma wat ekonomiese ontwikkeling amper onmoontlik maak.

Alleen al die terugbetaling van die lenings plus rente, teen 'n nominale koers, was vir baie lande onmoontlik en dit het gelei tot al meer toenemende skuld. Dit in skril teenstelling met die welvaart van geïndustrialiseerde lande wat boonop deur allerhande subsidie maatreëls en tariewe op invoere, vrye handel met ontwikkelende lande belemmer. Stadig aan het die mening pos gevat dat hierdie situasie onhoudbaar is. Onder aanvoering van o.a. die Britse premier, mnr. Tony Blair, het die druk op skuldverligting en selfs skuldkwytstelling al groter geword. Dit ontmoet egter ook toenemend weerstand. Al meer word die vraag gevra wat dan van die lenings geword het. Die meeste lande het arm gebly en selfs dieper in armoede beland. Vrae omtrent die aanwending van enorme lenings is derhalwe geregverdig.

Antwoorde is egter 'n perd van 'n ander kleur. 'n Mate van sorgeloosheid oor aanwending van fondse kan voor die deur van donor lande gelê word. 'n Mens moet onthou dat die meeste van die lenings gegee is tydens die sg. Koue Oorlog waar die guns van Afrika deur die Weste gekoop is om hulle uit die kamp van die kommuniste te hou. Dikwels was 'n monitor proses vir die besteding van die lenings nie in plek nie. Gevolglik is kapitaal nie verstandig aangewend nie. Baie van die geld is vir infrastruktuur projekte aangewend maar as sodanig sit dit nie 'n ekonomie aan die gang nie. Wat help dit bv. om 'n lughawe te bou as daar nie voldoende toeriste of vragverkeer is nie? 'n Pad verweer vinnig as daar nie genoeg hulpbronne beskikbaar is om dit in stand te hou nie. Die bou van duur konferensie sentra dra min, indien enigiets, by tot die ekonomiese ontwikkeling van 'n land. Die vraag hoeveel van die geld vanweë korrupsie in onbedoelde sakke tereg gekom het bly onbeantwoord.

Dit verklaar die huiwering van donor-lande om nog verder skuld kwyt te skeld of hulp te verleen. Daar kan verwag word dat hulp verlening gepaard sal gaan met sekere voorwaardes, waaronder skoon en demokratiese regering en suksesvolle bekamping van korrupsie terwyl 'n monitor proses in plek sal kom. Uit persberigte het dit duidelik geword dat van die ontwikkelende lande nie daarvan hou nie en dit beskou as inmenging met interne sake. Tog is die stel van sekere voorwaardes

nie onredelik nie. Boonop moet 'n gegewe perd nie in die bek gekyk word nie.

DIE MILLENNIUM ONTWIKKELINGS DOELWITTE (MOD)

Suid-Afrika se Minister van Finansies het onlangs aangedui dat met die gedeeltelike afskryf van skuld 'n bedrag van ongeveer VSA\$ 1,5 miljard sal vrykom om aan ontwikkeling te bestee. In September 2000 het die lidlande van die Verenigde Nasies eenstemmig 'n plan aanvaar vir die lotsverbetering van diegene wat in die grootste armoede lewe. In 'n bygaande memorandum word opgemerk dat vir die armste lande die doelwitte ver buite bereik sal voorkom. Selfs in die beter bedeelde lande sal daar bevolkingsgroepe wees wat die doelwitte nie kan nakom nie. Hier word sonder twyfel verwys na o.a. Indië met sy berugte kaste stelsel.

Die vernaamste doelwitte en teikens van die ontwikkelingsprogram lyk soos volg:

Doelwitte	Teikens
1. Verwyder armoede en honger.	1. Halveer, tussen 1990 en 2015, die aantal mense wat moet klaar kom met minder as \$1.00 per dag. 2. Verminder met 50%, tussen 1990 en 2015, hongersnood.
2. Bereik algemene primêre opleiding.	3. Verseker dat teen 2015 kinders, sowel seuns as dogters, 'n volledige program van primêre opleiding kan volg.
3. Bevorder geslagsgelykheid en plaas programme in plek om vroue te bemagtig.	4. Verwyder geslagsongelykheid in primêre en sekondêre opleiding, verkieslik teen 2005 en in alle vlakke van opleiding nie later as 2015 nie.
4. Verminder kindersterftes.	5. Verminder met twee derdes, tussen 1990 en 2015, die sterftes van kinders onder vyf jaar oud.
5. Verbeter gesondheid van moeders.	6. Verminder moeder sterftes met drie kwart tussen 1990 en 2015.
6. Bestry HIV/VIGS, malaria en ander siektes.	7. Stop en dring die verspreiding van HIV/Vigs terug teen 2015. 8. Stop en dring die verspreiding die voorkoms van malaria en ander belangrike siektes terug teen 2015.

Alhoewel data nie altyd beskikbaar of betroubaar is nie het die Wêreld Bank syfers beskikbaar gestel wat meer betekenis gee aan die enorme taak wat die Millennium Ontwikkelings Doelwitte gestel het. Ons beperk ons tot sub-Sahara lande.

Die eerste doelwit was om ernstige armoede te bestry. Onderstaande tabel gee 'n indruk van uiterste armoede in Afrika lande. Dit gee per land die persentuele gedeelte van die bevolking wat op \$1,00 per dag moet leef.

Land	jaar	%
Botswana	1993	30.7
Burkina Faso	1998	44.9
Burundi	1998	54.6
Ghana	1998/9	44.8
Lesotho	1995	36.4
Malawi	1997/8	41.7
Mosambiek	1996	37.9
Namibië	1993	34.9
Nigerië	1997	7.0
Rwanda	1999	51.7
Suid-Afrika	2000	10.7
Swaziland	1994	8.0
Uganda	1999	84.9
Zambië	1998	63.7
Zimbabwe	1995/6	56.1


Inderdaad 'n treurige prentjie met meer as een land waar meer as die helfte van die bevolking op minder as \$1 per dag moet (oor)leef. As ons dit vergelyk met die subsidie van ongeveer \$2 wat die Europese Unie per bees per dag aan boere betaal is dit sonder meer duidelik dat iets grondiglik verkeerd is. Het die MOD enige resultaat gehad? Onder die beperking dat data

nie altyd betroubaar is nie het die Wêreld Bank syfers beskikbaar gestel wat vordering met die MOD illustreer.

Onderstaande grafieke bring die toestand in beeld. Vet grafiek lyne gee die geprojekteerde waardes terwyl dunner grafiek lyne die werklike toestand van sake gee.

ARMOEDE VERLIGTING

Dit blyk dat armoede eerder toe- as afgeneem het. In vergelyking met 1990 het die persentasie van die sub-Sahara bevolking wat met \$ 1 per dag moet klaar kom in 2002 toegeneem van 42% tot 50%. Halvering van honger en armoede lyk op hierdie stadium 'n onbegonne taak.




ALGEMENE PRIMÊRE OPLEIDING:

Ook hierdie doelwit is op geen stukke na bereik nie. In 1990 het 50% van skoolgaande kinders hul primêre skoolloopbaan voltooi.


Teen 2003 moes dit ongeveer 75% gewees het en teen 2015 100%.

Van 1990 tot 2003 was daar slegs 'n toename van 50% tot ongeveer 60%, m.a.w. nie eens die helfte van wat beplan was nie.




BEVORDERING VAN GESLAGSGELYKHEID EN BEMAGTIGING VAN VROUE

Dit is moeilik om te meet. Daarom is die verwydering van geslagsongelykheid in skole geteiken. Die Wêreld Bank het geen data vir tersiêre opleiding beskikbaar gehad nie. Onderstaande grafiek gee die verhouding van seuns tot dogters in primêre en sekondêre opleiding.



VERMINDERING VAN KINDERSTERFTE

Die algemeen aanvaarde maatstaf is om dit te meet vir kinders onder die leeftyd van vyf jaar. In 1990 was die syfer 180 sterftes per 1000 kinders. Die teiken is om dit te verminder na 60 per 1000 kinders in 2015. Al weer is die prentjie nie optimisties nie. Teen 2003 moes die sterftesyfer ongeveer 120 per 1000 gewees het terwyl die werklike syfer 160 sterftes was.



Die volgende grafiek bring die gegewens in beeld: Ook ten opsigte van die vermindering van moedersterftes vergelyk sub-Sahara Afrika baie sleg met ander ontwikkelende lande. Normaal word dit gemeet aan die hand van sterftes van moeders per 100 000 lewende geboortes. Die volgende tabel gee die geskatte syfers vir 'n

Oos-Asië en Stille Oseaan gebied	180
Oos-Europa en Sentraal Asië	80
Latyns Amerika	200
Midde-Ooste en Noord-Afrika	160
Suid-Asië	500
Sub-Sahara Afrika	950

aantal ontwikkelende streke:

TEN SLOTTE DIE BESTRYDING VAN HIV/VIGS.

Gegewens is uiters skaars vanweë die stigma wat kleef aan toetsing vir die siekte asmede die gebrekkige infrastruktuur om genoemde siekte te registreer of te behandel.

Boonop weet pasiënte nie of hulle besmet is nie tot dat simptome begin openbaar.

Desondanks het die Wêreld Bank 'n statistiek vrygestel wat die benaderde persentuele voorkoms van

Oos-Asië en Stille Oseaan gebied	0,5%
Oos-Europa en Sentraal Asië	0,25%
Latyns Amerika	0,35%
Suid-Asië	0,45%
Sub-Sahara Afrika	9,5%

HIV onder vroue in die leeftydsgroep 15 – 24 gee.

Hoewel bogenoemde syfers slegs vir 'n bepaalde bevolkingsgroep geld gee dit 'n aanduiding hoe erg die situasie vir Sub-Sahara Afrika is. Inderdaad neem die siekte pandemiese proporsies aan.

Bostaande is inderdaad uiters negatief. Voorstanders van skuldverligting gryp hierdie geleentheid aan om skuld af te skryf sodat fondse vrykom om aangewend te word vir MODs.

As sodanig verdien dit ons ondersteuning. Daar bly egter die tergende vraag of betrokke lande die politieke wil of die organisatoriese vermoë het om vrygestelde fondse deskundig aan te wend. President Mbeki se NEPAD inisiatief voorsien 'n skoon en deursigtige bestuur van NEPAD lande met 'n portuur toesig wat lande met 'n hoë voorkoms van korrupsie of wanbestuur penaliseer. Ons moet die inisiatief toejuig.

Ongelukkig word met al die goeie bedoelings nie verwys na die wortel van die ellende nie. Solank Afrika vasgevang bly in die moeras van die heidendom waar die bevrydende evangelie min kans kry om sy verlossende boodskap te bring is daar min rede vir optimisme.

Herstel van Afrika kultuur, soos voorsien word in die strewe na 'n Afrika Renaissance, is nie 'n panasee vir ernstige probleme wat die kontinent van Afrika pla nie. ☐

AFRIKA RENAISSANCE

J Moes

TEMA: AFRIKA ONTWIKKELING



Die term “Afrika Renaissance” word gereeld gebruik deur Suid-Afrikaanse politici. Dit is blykbaar ‘n begrip of ‘n ideologie wat besielend onder veral die swart bevolking van Afrika moet werk en hulle wil motiveer tot eensgesindheid en samewerking, tot opbou van die kontinent. Die huidige politieke leiers van Suid-Afrika dra hierdie gedagte sterk uit in Afrika en die wêreld. Wêreldleiers, soos verenig in die onlangse G8 vergadering in Skotland, is bereid om miljoene dollars te betaal ter ondersteuning van die doelwitte van die Afrika Renaissance. Omdat hierdie visie die oorhoofse beleid van die huidige Suid-Afrikaanse politieke leiers bepaal, is dit nuttig om daarvan in meer detail kennis te neem. Dit sal ook ons toekoms bepaal.

RENAISSANCE

Die term “renaissance” is ‘n Franse woord wat “wedergeboorte” beteken. Maar die begrip Renaissance het ‘n breër betekenis deur die ontwikkelings in Europa in die vyftiende en sestiende eeu. Die Renaissance volg in Europa op die tyd van die Middeleeue. Met hierdie kulturele beweging het die klassieke Griekse en Romeinse kultuur, veral die politiek en die kuns, herleef. Dit het sterk ontwikkel in die Italiaanse stad Florence, waar Machiavelli aktief was as skrywer oor politieke sake en Michelangelo ‘n uiters begaafde beeldhouer, skilder, boumeester en digter. Vanuit Italië het dit na Wes-Europa versprei.

Hierdie Renaissance het egter nie slegs gelei tot ‘n oplewing in die kuns en politieke denke nie, maar het ook die ontwikkeling van die moderne wetenskap gestimuleer (baie Europese universiteite is in die tyd gestig), dit het gelei tot

ontdekkingsreise en handel (eers Portugal, later ook Nederland en Engeland) en, laaste maar nie die minste nie, het dit ook die pad voorberei vir die kerklike Reformasie of Hervorming. ‘n Belangrike faktor hierby was die uitvinding van die boekdrukkuns, waardeur gedagtes vinnig kon versprei. Europa het as ‘t ware uit sy Middeleeuse slaap wakker geword en op alle lewensterreine begin vernuwe.

AFRIKA

In die tweede helfte van die 20e eeu het Afrika sy koloniale juk afgeskud. Dit het gevolg op ‘n periode van amper 2 000 jaar waartydens Afrika as ‘n bron van grondstowwe vir die lande op die noordelike halfrond gebruik is. Aanvanklik was dit handel in mense (slawerny), diere (Romeinse amfiteaters) en landbou- en bosbou-produkte (kakao, koffie en hout). Later is Afrika ook gebruik vir politieke magsvertoon deur Europese vorste (Victoria van Engeland en Leopoldt van België) en ook as bron van minerale, soos goud en steenkool, en (half)edelstene, soos diamante.

Hierdie uitbuiting en koloniserings van Afrika het veral by die swart Afrikaners ‘n gevoel van minderwaardigheid gelaat. Hulle is “primitiewe volke” of “naturelle” genoem. Hulle is arm, onontwikkeld, het geen eie geskrewe geskiedenis, ‘n swak ontwikkelde kuns, kultuur, tegnologie en onderwys- en gesondheidstelsel, is gewikkel in wrede stam- en burgeroorloë, ens. Hulle het nou wel politieke onafhanklikheid gekry, maar verder het daar min verander. Baie keer het die koloniale tydperk selfs meer ontwikkeling en stabiliteit gebring as die periode daarna, met wrede swart diktators (soos Idi Amin) of sosialistiese idealiste (soos Nkruma en Nyerere) wat hul lande se ekonomie gekniehalter het. Op politieke gebied is Afrika die wêreldgebeure

gemarginaliseer. Hulle is mense van die “bakhand kultuur”, 33 van die wêreld se 48 armste lande is in Afrika. Dit kan maklik lei tot ‘n gees van “Afro-pessimisme”, Afrika is afgeskryf, sonder toekoms. Daar word reeds gepraat van die “Afrika-krisis”.

Dit is te verstane dat ‘n nuwe besieling en gedreweheid nodig is om die swart mense van Afrika uit hierdie verknorsing te bevry. Daar is dan ‘n aantal moontlikhede. Afrika kan individueel of kollektief op die Europese gewete werk en daar ‘n skuldgevoel laat ontstaan sodat volop Euro’s na Afrika stroom en ‘n sekere deel van die bevolking ‘n bestaan kan help maak. Dit mag materiële verbetering veroorsaak, maar die Afrikaner voel steeds minderwaardig. Afrika kan ook ‘n eie besieling ontwikkel en homself probeer regruk, vrede en stabiliteit skep en sy eie geweldige minerale voorrade begin benut vir eie ekonomiese welvaart. Die derde pad is die middeweg, waar Afrika homself begin inspan tot verbetering en ‘n gevoel van eiewaarde begin ontwikkel, maar gelyktydig hulp van die ontwikkelde wêreld ontvang in die vorm van kundigheid, opleiding en kapitaal.

Die keuse vir een van hierdie ontwikkelingsmodelle word beïnvloed deur Afrika ideologieë soos die Pan-Afrikanisme, Afrika-nasionalisme, humanisme, die Swart Bewussynsbeweging, Afrika sosialisme/nasionalisme, ens. Die “Afrika Renaissance” is ‘n antwoord van Suid-Afrikaanse politieke leiers op hierdie “Afrika-krisis” en dit wil die geestelike basis vorm vir ontwikkeling in Afrika.

MBEKI SE VISIE

Thabo Mbeki, wat toe nog adjunk-president was, het die begrip “Afrika Renaissance” bekend gestel in April 1997, in ‘n toespraak in Chantilly, VSA. Dit was ‘n toespraak om investerings na Afrika te lok. Hy het gemeld dat, na die ellende wat Afrika die afgelope 2 000 jaar getref het, daar nou ‘n ster van hoop verrys het. Demokratiese ontwikke-

lings begin posvat in Afrika. Die VSA, as die grootste ekonomiese mag in die wêreld, en Afrika moet hande vat en die kontinent stabiliseer en ontwikkel.

Hierdie konsep is verder vorm gegee in 'n toespraak in Japan in April 1998. Mbeki herinner aan die uitspraak van die Romein Plinius die Ouere (23 - 76 AD), wat gesê het: "Daar kom altyd iets nuuts uit Afrika". Hy verwys dan na snaakse mense en diere. Mbeki roep in herinnering die ou kulture van Egipte, Etiopië, Tunisië, Marokko en Mali (Timboektoe).

Die besef van die bloei en verworpenhede van hierdie ou kultuur moet weer nuwe lewe blaas in die bevolking van Afrika. Dit moet hulle van hulle besef van minderwaardigheid bevry en besieling gee om aan die werk te spring en Afrika weer op te bou. Die vraag waarnatoe Afrika moet ontwikkel kan slegs beantwoord word vanuit 'n besef vanwaar die Afrikaner kom. Daar moet 'n gevoel van trots en eiewaarde kom om die ban van Afro-pessimisme te deurbreek. Dit sal lei tot die werklike bevryding van die mense van Afrika.

Twee voorwaardes om hierdie visie van Afrika Renaissance te omskep tot 'n werklikheid is o.a. **goeie regering** van die lande van Afrika (dus geen diktators, korrupsie, nepotisme, eenparty state en magsmisbruik nie, maar veelparty demokrasie, deursigtigheid en verantwoordings) en volledige **mense-regte**, waarin die waardigheid van die volke van Afrika herstel word. Verder is daar 'n aantal faktore wat ontwikkeling in Afrika sal stimuleer, soos goeie ekonomiese praktyke, ekonomiese integrasie, ontwikkeling van infrastruktuur, verhoging van die lewenstandaard, beheer van geweld en misdaad, die bekamping van VIGS, die beskerming van die omgewing en die skep van 'n nie-rassige en nie-seksistiese samelewing.

Mbeki is geen voorstander daarvoor dat Afrika in isolasie ontwikkel nie. Hy wil Afrika 'n gelykwaardige deelnemer maak van die internasionale gemeenskap. Geen deel van die wêreld kan meer ontwikkel sonder samewerking met ander lande in die wêreld. En dit sluit dan in finansiële en ekonomiese hulp aan en tegnologiese opleiding van Afrika deur die ontwikkelde wêreld, deur die kwytstelling of vermindering van die huidige skuld, die instroming van investeringskapitaal en die skep van vrye internasionale handelspraktyke. Afrika moet ook sy demokratiese plek inneem in die organe van die Verenigde Nasies, terwyl ook die Veiligheidsraad



gedemokratiseer moet word (met proporsionele verteenwoordiging van mensegetalle en nie van ekonomiese mag nie). So sal Afrika uit sy huidige posisie van verknorsing ontstaan en herrys tot 'n welvarende, vreedsame en gelukkige samelewing.

AANVULLENDE VISIES

Op 'n konferensie in November 1999 in Londen, onder die tema "Die Afrika Renaissance: van visie na werklikheid", het die voormalige adjunk-president Jacob Zuma 'n toespraak gehou, waarin hy sy visie gegee het op die Afrika Renaissance, as geestelike basis vir die heropbou en ontwikkeling van Afrika. Kolonialisme en apartheid dra die skuld vir die vernietiging van 'n hoogstaande kultuur in Afrika. Hy stel dat die onderdrukking van die mense in Afrika nog voortduur,

sodat hulle nog steeds geen ekonomiese en religieuse mag het nie. Hy erken dat daar 'n leierskapskrisis in Afrika heers, maar meld dat die staatsgrepe in Afrika veroorsaak word deur elemente in die voormalig koloniale moondhede. Ook moet die geskiedenis van Afrika her-interpretêr word om 'n goeie gevoel van selfvertroue en trots by die Afrikaner aan te wakker. Dan moet daar deur die Afrikaners goeie politieke stelsels en samewerking in plek gebring word, insluitende die Organisasie van Afrika Eenheid, terwyl die ontwikkelde wêreld skuldverligting, groter investering en oordrag van vaardighede moet inbring.

Op dieselfde konferensie het die eerste minister van Namibië, Hage Geingob, 'n definisie probeer gee van Afrika Renaissance, as 'n visie vir Afrika. Hy definieer dit soos volg: "Afrika Renaissance is ons visie vir Afrika wat in die jaar 2025 'n kontinent word wat in harmonie met homself en met die wêreld leef, waar elke persoon die geleentheid het om sy volle potensiaal te bereik, in 'n omgewing van vrede en veiligheid, waar menseregte gewaarborg word vir elke burger van elke land en verseker is van die basiese middele van oorlewing, selfrespek en lewensvervulling". Hy benadruk elemente van Mbeki se siening, soos goeie regering ('n kultuur van dienslewering, deursigtigheid, doeltreffendheid, aanspreeklikheid, 'n etos van integriteit en eerlikheid en bestryding van korrupsie), demokratisering, 'n gesonde ekonomie, bevordering van toerisme en landbou, die skep van vrede, menseregte, die bevordering van kulturele, godsdienstige en taalkundige harmonie, landhervorming, onderwys en opleiding.

"Stigting vir Wêrelddialoog" het in Oktober 1998 'n publikasie uitgegee onder die tema "Beskouings oor die Afrika Renaissance". Hierin gee 'n sestal skrywers hul kritiese siening op Afrika Renaissance. Van die skrywers stel dat die begrip Afrika Renaissance veral 'n basis

vorm vir die Suid-Afrikaanse buitelandse politiek, insluitende die doel om namens Afrika 'n setel in die Veiligheidsraad te kry. Daar word gestel dat dit gedryf word deur die opvatting "wat goed is vir Suid-Afrika, is goed vir Afrika". Daar is bekommernis dat Afrika Renaissance aanleiding kan gee tot die versterking van die isolasionistiese Swart Bewussynsbeweging (Steve Biko). 'n Oproep tot terugkeer na die mitiese wortels van die Afrika kulture sal minder aanspreek as die verskaffing van water, riolering, krag, telefone, huise, klinieke, vervoer, skole en werk (Njabulo Ndebele, 1997).

Van die skrywers meld die gevoel van bedreiging by ander Afrika lande dat Suid-Afrika, deur sy vlak van ontwikkeling, hulle sal oorheers. Die visie van Afrika Renaissance word meer deur Suid-Afrikaanse politici gepropageer buite Afrika as daarbinne. Die uitdaging is om die visie van Afrika Renaissance binne Afrika "groter te maak as Mbeki". Een skrywer verwag dat die leer van die Afrika Renaissance dieselfde hoogtes sal bereik as die baie variante van die pan-Afrikanisme, wat die Afrika denke beheers het tussen 1900 en 1964, maar deur die praktyk in Afrika agterhaal is. Suid-Afrika het inderdaad 'n leiersrol te vervul om Afrika weer te besiel met 'n nuwe uitdagende en stimulerende visie. Dit is 'n "werk-bare droom". Maar die werklikhede van Afrika is maar hard en die implementering van die visie en sy gevolge sal nie maklik wees nie.

BEOORDELING

As 'n mens kennis neem van die aanleidings tot die ontstaan van die begrip Afrika Renaissance dan kan dit verstaan word. Ontwikkelings in lande en kontinente word mede bepaal en rigting gegee deur (goeie of verkeerde) geestelike visie en dryfkrag. Daar word algemeen erken dat die innerlike oortuigings en geesteshoudings van die mens sy uiterlike lewensaspekte bepaal. Dit geld inderdaad vir die meeste religies in die wêreld, insluitende die Christendom. 'n Moderne opvatting wat verder gaan is dat die toekoms van die mens nie die keuse is tussen 'n aantal alternatiewe wat hulle aanbied nie, maar dat dit iets is wat geskep word (deur die mens). Dit word eerstens geskep in die menslike gees en daarna deur aktiwiteite. Die paaie na ons toekoms word nie gevind nie, maar word gebou. En die aktiwiteit om hulle te bou verander beide die bouer en die bestemming (John Schaar).

Die probleme en uitdagings van Afrika is te groot om slegs met materiële middele aangepak te word. Inderdaad sou die Europese Renaissance as voorbeeld geneem kan word. Maar die Afrika Renaissance berus tot 'n groot mate op dryfsand as dit rus op die ou Afrika kulture. Hierdie kulture vorm geen inspirasie vir die moderne mens in Afrika nie. En om te verwag dat dit sowel die Arabiere in Noord-Afrika as die swart mense suid van die Sahara sal inspireer is waarskynlik te veel gevra. Daar is inderwaarheid groot religieuse en kultuur verskille

aan weerskante van die Sahara. Die geestelike basis van die Europese Renaissance was 'n oplewing van die Christendom.

Inspirasie uit die ou Afrika kulture het nie voldoende diepgang nie. Dit mis die werklik geestelike dimensie en berus louter op Afrika nasionalisme. Voorbeelde van hoe dit uiteindelik kan verkeerd loop, is duidelik in die onlangse geskiedenis van Ariër-Duitsland en Japan (1930 – 1940): groot materiële ontwikkelings maar gebaseer op 'n nasionalistiese ideologie wat uitgeloop het op 'n wêreldoorlog. Die praktiese probleem is dat Afrika nie religieus verenig is nie: daar is die Islam in die noorde en die Christendom en animisme in die suide.

Alhoewel Mbeki en sy span tereg soek na 'n geestelike basis vir die noodsaaklike ontwikkeling in Afrika, is die basis van die Afrika Renaissance te breed en te dun. Te breed, omdat dit wil verenig wat fundamenteel anders is en te dun omdat die noodsaaklike religieuse diepgang ontbreek. Dit sal nie die materiële struktuur wat hierop gebou word kan dra nie, al lyk die struktuur self hoe goed. Slegs die Christendom kan voldoende geestelike basis bied as besieling vir die opbou van Afrika. Desondanks is daar geen plek vir Afro-pessimisme nie. Ons sendelinge het 'n groot en omvattende taak.

"Die Afrika Renaissance, die *wedergeboorte van Afrika*, moet begin met die *wedergeboorte van die mense van Afrika*." ✠

Temas wat in die volgende maande in *KOMPAS* bespreek gaan word:



September 2005: Skoolverlating en dan ...?

Oktober 2005: Verdraagsaamheid

KERK, WÊRELD EN ARMES (1)

PW van de Kamp

TEMA: AFRIKA ONTWIKKELING

In die jare negentig van die vorige eeu het die ryk en arm lande op verskillende internasionale konferensies afsprake gemaak oor die ekonomiese en sosiale ontwikkeling van die arm lande vóór 2015 (Ministerie Buitelandse Sake 2001 21-23; Hamelink/Visser 2002, 9-10). Hierdie afsprake is vasgelê in agt internasionale ontwikkelingsdoelstellings (International Development Goals, wat ook 'n meerjarige doelplan genoem word.)

- Om die aantal mense wat in uiterste armoede lewe (bereken op 'n inkomste van minder as 1 dollar per dag) met die helfte te verminder.
- Basiese onderwys vir alle kinders.
- Om die gelykheid tussen mans en vroue te stimuleer. Gelyke moontlikhede vir seuns en dogters vir die laer en hoërskool onderwys (nie later as 2005 nie).
- Om in elke ontwikkelingsland die kindersterftes met twee derde te verminder ten opsigte van die syfers van 1990.
- Aan (die verspreiding van) HIV/aids, malaria en ander siektes moet 'n einde kom.
- Almal moet toegang tot gesondheidsorg hê (dit is alle gesondheidsorg wat te make het met seksualiteit en geboortesorg).
- Die neiging dat steeds meer natuurlike hulpbronne verlore gaan.

Korrekte ooreenkomste beskryf hierdie doelstellings wat daar in die huidige situasie ontbreek en daarmee laat hulle die sosiaal-maatskaplike nood in die wêreldsamelewing baie duidelik sien. Daar is strukturele armoede, kindersterftes, aantasting van die omgewing...

In die afgelope dekade was daar in verskillende ontwikkelingslande goeie vooruitgang in die stryd teen armoede. Tog is daar nog steeds

1,2 miljard mense wat van minder as 1 dollar per dag moet lewe. "Van watter kant jy dit ook al benader, die groot armoede in die wêreld is in westerse begrippe feitlik ongelooflik" ('n uitspraak van Eveline Herfens, oud-minister vir ontwikkelingsamewerking in 2001).

In hierdie bydrae gaan dit oor die vraag hoe die kerk homself moet opstel teenoor die baie groot en gekompliseerde armoede vraagstuk in die huidige wêreldsamelewing. Hierdie driedelige kerk-wêreld-armes verhouding roep die volgende vraag op: dit gaan om besinning en die diakonale houding en die (diakonale) handel van die kerk in die huidige wêreld wat ontluis word deur armoede.

Ek begin (1) met 'n kort beskrywing van die armoede as wêreldprobleem, gevolg deur (2) enkele aantekeninge oor armoede/armes in Bybelse-teologiese perspektief. Daarna (3) maak ek enkele samevattende opmerkings oor die diakonale kerk. En ek sluit af met (4) die beskrywing van die spanningsveld waarin die kerk beland deur die konfrontasie met die armes in die wêreld.

Hierdie bydrae handel nie oor wêrelddiakonaat nie, maar het wel sekere ooreenkomste. Vergelyk die bydrae van Govert Buijs in bogenoemde nuwe "Handboek oor wêrelddiakonaat en ontwikkelings-samenwerking" (271-277); verder o.a.: Nap 1989; Tieman/Zunneberg 1990. (123-164); Noordegraaf 1991, (197-232); Turre 1991, (102-136); Boersema 2001: Van der Lee 2001.

1. ARMOEDE EN ARMES

Armoede is 'n realiteit: dit is nie uitgesluit dat jy vanaand op jou televisie beelde sien van sterwende kinders êrens in Afrika nie. Hierdie



kinders sterf omdat hulle geen voedsel en iets te drink kry nie. En hierdie gebrek aan voedsel en drank is 'n verskynsel wat pas by hierdie diepe strukturele armoede.

Ek wil eers aan die hand van drie aandagspunte, in die besonder oor armoede as sosiaal-maatskaplike nood, iets sê. (vgl. Lock 2001):

(1) *Armoede is moeilik om te meet.* In die afgelope jare het (op wêreldvlak) persentasie gewys armoede weliswaar gedaal, maar die aantal arm mense het toegeneem, en die kloof tussen arm en ryk groei nog steeds. Daarom is die vraag na 'n strukturele benadering nog steeds aktueel, en dit sal in die jare wat kom nog steeds so bly.

'n Realistiese en nugter beeld van armoede is dus noodsaaklik. Tog is dit moeilik om vir jouself 'n goeie beeld te vorm. Alleen al die verskillende maniere om armoede te meet, skep probleme.

Lees daarvoor Lock 2001, 256: "In die vroeë jare van die ontwikkeling-samewerking (kort na die tweede wêreldoorlog) was die inkomste per kop van die bevolking as maatstaf geneem. Die armoede grens, gemeet met die maatstaf, was 1 dollar per dag. As jy minder as dit verdien het, het dit baie sleg met jou gegaan.

Om net hierdie inkomste maatstaf te gebruik het daar verskillende probleme opgeduik. Eerstens is daar die koopkrag van die dollar. Vergeleke met Nederland is die koopkrag in Indië duidelik gunstiger. Die tweede probleem is die wisselkoers. Omdat van die dollar as

maatstaf uitgegaan word, het dit die wisselkoers van die dollar en die plaaslike munt beïnvloed, en daardeur natuurlik ook die aantal armes wat dan onder die armoede grens leef. Dit sal duidelik wees dat die wisselkoers as sodanig nie voelbaar is in die lewensomstandighede van 'n arm persoon nie. 'n Gemiddelde inkomste maatstaf sê dus niks oor die verdeling van inkomste nie, ook nie oor die geletterdheid of die gesondheid van die mense met hierdie inkomste nie.

Die diskussies op hierdie punt het onder andere gelei tot die ontwikkeling van die Human Development Index (HDI) waarin naas die inkomste, sake soos onderwys, lewensverwagting, gesondheidsorg en inkomsteverdeling saam die sig gevorm het van hoe daar na armoede gekyk word.

(2) *Armoede gaan oor mense.*

Agter die syfers oor armoede gaan lewendige mense skuil. Armoede het 'n gesig, hoewel juis arm mense baie keer min geleentheid gehad het om hulle gesig te laat sien op die plekke waar daar besluite geneem, en wette gemaak word. Waar daar sonder hulle, wel oor hulle gepraat word. Met arm mense word daar meestal nie rekening gehou in die wêreld van die rykes nie.

(3) *Armoede is 'n relatiewe begrip.*

Armoede is 'n realiteit wat definitief met ons is. 'n Droë stuk brood bly 'n droë stuk brood. Verontreinigde drinkwater kan jy nie drink nie. Tog staan armoede altyd in verhouding tot rykdom. As almal arm is, is ook almal ryk. Dit gaan juis daarom dat die rykdom van die èn die armoede van ander tot gevolg het. Dit is daarom van die uiterste belang om dit te besef.

Bowendien is dit so dat armoede in Nederland heeltemal iets ander is as armoede in byvoorbeeld Brasilië. Wie in Nederland as arm beskou word, sou heelwaarskynlik nie in Brasilië so beskou word nie.

Armoede is dus betreklik maar dan moet dit in konteks bepaal word.

Hier volg twee omskrywings van armoedebestryding, wat laat sien waar dit by armoede om gaan:

- Armoedebestryding is 'n gemeenskaplike proses waarin met en vir die armes die toegang tot en die seggenskap van bronne vir vervulling van hulle lewensbehoefte in breë sin behou word, teruggegee word of verbeter word. Hierdie proses omvat agtereenvolgens vervulling van die eerste lewensbehoefte (voedsel, onderdak en verwarming), welsyn (gesondheid, onderwys, veiligheid) en *empowerment* (toegang tot, en waar hulle 'n rol in die politiek kry, toegang tot en 'n rol in die ekonomie) sonder dat voorafgaande aan of tydens die proses, lande, streke, groepe of mense aan die kant geskuif word. Hierdie proses eindig wanneer die fase van empowerment voltooi is'. (Lock 2001, 262).
- Armoedebestryding is om aktief te keer om die omstandighede wat mense belemmer om in hulle vernameste lewensbehoefte te voorsien, en om 'n bydrae te lewer aan 'n regverdige samelewing waarin al die mense op langer termyn in die behoeftes kan voorsien, en kan werk aan beter lewensomstandighede om so tot hulle bestemming te kan kom' (Hamelink/Visser 2002, 15).

2. ARMOEDE EN ARMES IN BYBELS-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

Oor armoede en armes in Bybels-teologiese perspektief gee ek vier kort aantekeninge (vgl. Van de Kamp 1988, 167-172):

(1) In die Ou Testament word die gebruiklike woorde vir 'arm' en 'armoede' vir die eerste keer gebruik in die wetgewing, veral in die sogenaamde 'Verbondsboek' (Eksodus 20:22-23:33). Hierdie wetgewing funksioneer binne-in die verbond tussen God en sy volk en bied 'n opvallende beskerming aan die armes. Op grond van dié verbond het hulle reg op beskerming en

hulp. Dit wil sê: om neergedruk te word en om nie meer mee rekening gehou te word nie weens die omstandighede waarin jy verkeer, beteken jy is besig om weg te beweeg van die vryheid wat God jou gegee het.

(2) Veral die armoede wat die gevolg was van onderdrukking, uitbuiting en inhaligheid het die protes van die profete uit uitgelok. God se wet is blykbaar op groot skaal oortree. Die rykdom van hulle wat op 'n skelm manier hulle besitting bymekaar gemaak het was één van die groot oorsake van armoede. Juis hierdie verhouding tussen rykdom en armoede is 'n herkenbare, kritiese opmerking in die Bybel wat steeds weer aandag moet geniet.

(3) In die genoemde "Verbondsboek" vorm die weduwees en wese 'n afsonderlike kategorie van 'maatskaplike swakkes'. Maar hulle word sterk as hulle hulself op God beroep (As jy hulle op enige manier verdruk, waarlik, dan sal Ek, as hulle na My roep, hulle geroep sekerlik hoor). Eks. 22:23. In die verlengde hiervan het die houding van die arme wat sy leë hand moet ophou 'n beeld geword van die posisie van gekwelde en geknakte mense wat alles van God verwag (en van die sondaar in sy houding teenoor God). Daarom kan die woord vir 'arm' en 'armoede' méér beteken as alleen materiële armoede. Ook die maatskaplike swakkes (iemand wat baie swaar kry) word hiermee bedoel.


(4) Die Nuwe Testament laat ons Christus sien as die Heer wat 'arm geword het, terwyl Hy ryk was' (1 Kor. 8:9) - die Heer wat Homself ontferm het oor armes en rykes, oor (maatskaplike) swakkes en sterkes. In Hom het God laat sien dat die reg van arm mense op beskerming en hulp, geen leë gebaar was nie, maar daadwerklik gebaseer is op sy genade. Christus se oorwinning oor die dood is die waarborg vir die koms van God se nuwe wêreld waar geen armoede meer sal wees nie. Hierdie perspektief is 'n blywende aansporing

vir die kerk van Christus om die armoede te bestry en om aandag te vra en ook aandag te hê vir die randgebiede en buitewyke van die samelewing.

3. DIAKONALE KERK

Die diaken amp van die kerk staan in 'n wyer konteks van die *diakonia* van die kerk. Die Bybelse woord *diakonia* (vgl. Noordegraaf 1991, 12-13) het sowel die spesifieke betekenis van 'hulpbetoon' in situasies van sosiaal-maatskaplike nood asook die breër, algemene betekenis van 'diensbetoon'. Al die werksaamhede ten behoeve van die evangelie en van die gemeente (en daarmee 'ten behoeve van' God) word daarmee aan gedui. So word daar oor die diens van die verkondiging en oor die diens van die versoening gespreek. Maar ook oor die (konkrete) diens van vroue aan Jesus (Lukas 8:3) en oor die diens van Paulus aan die heiliges (Rom. 15:25). Hierdie diens van die kerk kan beskou word as 'n kernfunksie van die kerk en beteken dat hulle hul metterdaad beskikbaar stel om die evangelie van God met woord en daad aan mense te verkondig. Dan gaan die kerk in die voetspoor van Christus. Soos Hy gestuur was, so is die kerk ook gestuur. Christus maak sy gemeente deelgenoot van sy reddende handeling teenoor die wêreld. Om beskikbaar te wees laat ons sien dat die kerk nie vir homself lewe nie, maar in die wêreld gestuur is. Deurdat die kerk weet dat hulle gestuur is, word die kerk ook vir introversie behoed, en bly sy gerig op die samelewing rondom haar. Die funksie diens (*diakonia*) word daarom ook gekenmerk deur beskikbaarheid (vir God en die naaste), navolging (van Christus) en om in die wêreld gestuur te word.

Uiteraard is die meer algemene *diakonia* as funksie van die kerk, meer spesifiek die diakonaat as aktiwiteit van die kerk, baie nou



met mekaar verbind (vgl. Van de Kamp 2003, 288-290). Om net twee aspekte te noem: sowel die navolging van Christus asook om gestuur te wees in die samelewing, as kenmerke van die funksie *diens*, word sigbaar en konkreet in die diakonale aktiwiteite van die kerk.

Juis in verhouding tot die sosiaal-maatskaplike nood, is vir die diaken amp die begrippe barmhartigheid en geregtigheid baie belangrik: barmhartigheid as liefdevolle hulpbetoon, en geregtigheid as die bevordering van die welsyn van die naaste en die bestryding van onreg vanuit 'n 'regte' verhouding teenoor God. 'Hierdie woorde spreek van God se reddende hulp in menselewens wat in nood verkeer, deurdat Hy sy Seun na die aarde gestuur het. Barmhartigheid sonder geregtigheid kan lei toe weinig verpligtende filantropie; geregtigheid sonder barmhartigheid sal baie gou fanatiek-wetties lyk. (Noordegraaf 1991, 15)

Daarom is die diaken amp 'n hoof aktiwiteit van die kerk. Die diaken amp is die helpende daad wat deur die kerk van Christus gevoeg word by die Woord van haar Heer. Die diaken amp is hulpbetoon in die naam van Christus en kan daarom nie uitgesluit bly binne die kerk nie, maar sal daarom ook in die samelewing sigbaar moet word.

Binne die kort bestek van hierdie bydrae, is dit nie moontlik om die diakonale handeling van die kerk

te beklemtoon nie. Ek praat steeds oor die diakonale aktiwiteit van die kerk, die diakonale roeping van die kerk ens. Maar daarby moet nader aangedui word wie die onderwerp van die handeling is. Hierdie onderwerp kan die (hele) kerklike gemeenskap wees, maar ook die diakens (wat namens die kerklike gemeente optree) of die kerkraad, of 'n groep kerklede of individuele kerklede.

Dr. P.W. van de Kamp is dosent Praktiese Teologie aan die "Theologische Universiteit" te Kampen, Nederland.

Literatuur:

- P.R. Boersema, De Verhouding van zending. (wereld) diaconaat en ontwikkelingssamenwerking. Een rondblik, in: G.J. Buijs (red), *Als de olifanten vechten.... denken over ontwikkelingssamenwerking vanuit christelijk perspectief*, Amsterdam 2001, 86-106
- Maarten Hamelink/Cors Visser, *gedeelde wereld, Armoede-bestryding en christelijke politiek*. (Christen Unie) Amersfoort 2002
- P.W. van de Kamp, Armoede en zending, in: *Radix*, 14/3 (1988) 159-176
- P.W. van de Kamp, Hart voor de stad. *Een praktisch-theologische studie naar kansen voor kerk-zijn in een stedelijke samenleving*, Kampen 2003
- Hans van der Lee, *Verkondig het koninkryk. Een bijbelse visie voor diaconaat onder armen in de Derde Wereld*, Amsterdam 2001
- J. Lock, Structurele armoede-bestrijding. Een blijvende uitdaging in: G.J. Buijs (red), *Als de olifanten vechten ... Denken over ontwikkelingssamenwerking vanuit christelijk perspectief*, Amsterdam 2001, 254-270
- Ministerie Buitenlandse Zaken, *De lelijke eendjes van de wereld-gemeenschap*, Den Haag 2001
- T.P. Nap, Werelddiaconaat - een laatste bod?, in G. van Bruggen e.a., *Samen werken aan ontwikkeling*. Barneveld 1989. 54-70
- A. Noordegraaf, *Oriëntatie in het diakonaat*, Zoetermeer 1991
- W.A.Z. Tieman/H. Zunneberg, *Bevrijd tot verbondenheid. Actueel diakonaat*, 's-Gravenhage 1990
- R. Turre, *Diakonik, Grundlegung und Gestattung der Diakonik*, Neukirchen/Vluyn 1991

SINODE VGKSA 2005: 'n EERSTE INDRUK

A.W. Herder

RONDOM DIE KERK: SUID-AFRIKA

In Mei 2005 het die - wat later sou blyk die eerste te wees - sitting van die VGKSA-sinode plaasgevind, en wel in die nuwe kerkgebou van die gemeente van Pretoria-Maranata. Die kerkdienst het in die kerk self plaasgevind; daarna het die sinode afgedaal na die "katakombes" van die kerk, waar sy die res van die week vertoef het. Gelukkig was die dameskomitee verheve bo die sittings en is die maaltye op die regte vlak voorberei.

KERKDIENS

Ds Pieter Nel het voorgedaan in die bidstond wat aan die sinode voorafgegaan het. Die diens was in Afrikaans, maar die preek is in Engels gelewer. Die tema van die preek was:

God salts His church with the salt and fire of Christ, met die volgende onderverdeling:

1. *Christ alone is the salt of the church;*
2. *Christ salts us with the fire of discipleship;*
3. *Christ salts us with a heart for no ones and little ones.*

OPENING

Die sameroepende kerk het geen tyd verspil nie en onmiddellik na afloop van die diens en die koffie is die sinode geopen. 'n Drietal "oudstryders" is tot moderamen verkies, nl. ds C Kleyn as voorsitter, ds P Nel as ondervoorsitter en ouderling P Bouwman as sekretaris. Ondergetekende is nie verkies nie, maar wel benoem om die werk te doen, nl. dié van notularis.

Die twee klassisse was elk verteenwoordig deur drie predikante en drie ouderlinge. Die orige nie-afgevaardigde predikante het die sinode as adviseurs gedien. Dit het geblyk dat die samestelling baie konstant was; eers teen die einde moes 'n ouderling deur sy secundus vervang word.

Na die verkiesing van die moderamen het die afgevaardigdes vroeg

gaan inkruip, terwyl die moderamen nog vergader het om die tydsindeling vir die week vas te stel. Op Dinsdagoggend is aan die sinode voorgehou dat daar 'n aantal sake is wat in klein verband voorbereiding benodig. Daar was 'n beswaarskrif teen 'n aantal Skrifberymings; verder was daar 'n groot aantal sake m.b.t. die kerkverbandelike finansies op die agenda; en ten slotte was daar die vraagstuk aangaande die teologiese opleiding. Vir hierdie drie sake is drie kommissies benoem met as opdrag om die sinode te dien met goed uitgewerkte voorstelle.

BESWAARSKRIF

Die eerste kommissie was al gou klaar. Dit het geblyk dat die klaer die beswaarskrif reeds ingedien het voordat hy antwoord gekry het van die klassis teenoor wie hy gekla het. Bowendien het geblyk dat, volgens die geldende reëling, die ander klassis in die kerkverband die volgende instansie van appèl is. Die sinode het dan ook die voorstel aangeneem om hierdie beswaarskrif nie nou ontvanklik te verklaar nie.

HERINDELING VAN DIE KLASSISSE

Die klassisse wat op die vorige sinode ingestel is, het in die huidige omstandighede nie meer aan die behoeftes voldoen nie. Die kerke is baie ongelijk verdeel en daar is ook gevoel dat, vir sover moontlik, na 'n meer regionale indeling gestreef moes word. Daar is dus nou twee nuwe klassisse, nl. Noord en Suid, in die wandelgange aangedui as klassis-Magaliesberg en klassis-Tafelberg.

BUITELANDSE KERKE

Hoewel dit volgens die kort verslae en die lang handelinge lyk asof alle punte in 'n netjiese volgorde en in een keer afgehandel word, is die vergaderpraktik meer weerbarstig. Elke dag het die buitelandse kerke weer ter sprake gekom. Daar was selfs besoekers vanuit die buite-

land, nl. uit Australië en Kanada. Die besoeker van Australië kan moontlik aansoek doen om Suid-Afrikaanse burgerskap, altans in die lig van die aantal kere wat hy ons land al besoek het.

'n Tweetal sake verdien ons aandag, nl. die hoeveelheid kerke met wie ons kontak het en die verhouding met die nuwe vrygemaaktes in Nederland.

Ten opsigte van finansies en mannekrag het die VGKSA min om in te bring. Daarom het die vraag gereeld na vore gekom of ons nie ons aandag te veel op buitelandse kerke rig nie, terwyl daar alreeds in ons eie land soveel werk is. Uit die bespreking het na vore gekom dat die werk wat deur ons ou susterkerke, dié van Nederland, Kanada en Australië, gedoen is, nie altyd oorgedoen hoef te word nie. Ons mag ook dankbaar aanvaar dit wat hulle alreeds gedoen het. Verder is daar al baie kontakte met ander kerke van die ICRC, waarvan ons ook lid is. Daar is dan ook besluit om die sg. verkennende besoeke en ondersoeke heelwat af te skaal en die formele betrekkinge tot die ou susterkerke te beperk.

M.b.t. die sg. nuwe vrygemaaktes het die deputate met 'n baie uitgebreide verslag na vore gekom. Vanweë die skeuring in ons Nederlandse susterkerke was dit noodsaaklik om ondersoek na hierdie saak in te stel. Bowendien was daar 'n formele versoek van die nuwe vrygemaaktes op tafel om die bestaande susterkerkverhouding voort te sit. Deputate het op grond van hul ondersoek voorgestel om hierdie versoek af te wys en wel omdat die skeuring ontydig is. Daarby is voorgestel om die nuwe vrygemaaktes op te roep om die skeuring te herstel en om die kerklike pad voluit te loop. Die sinode het hierdie voorstel aanvaar. Daar is ook nog voorgestel om hierdie oproep te doen deur middel

van 'n persoonlike besoek aan die nuwe vrygemaaktes, maar daar is besluit om dit skriftelik te doen. Die verslag met genoemde ondersoek is (elektronies) beskikbaar by ondergetekende, net soos teweens alle ander verslae.

BYBELVERTALING

Die VGKSA het 'n skrywe ontvang waarin aangekondig is dat daar gewerk gaan word aan 'n nuwe Bybelvertaling in Afrikaans. Ook ons samewerking is gevra. Die sinode het besluit om 'n deputaatskap te benoem wat namens die kerke kontak met die vertalers kan opneem en wat sal ondersoek watter rol ons in hierdie verband kan speel.

GKSA

Ons wil in hierdie indruk nie alle sake tot in die kleinste besonderhede noem nie; per slot van rekening is die handelinge daarvoor bedoel en natuurlik het die kort verslag van die voorsitter al die nodige aanvoerwerk gedoen.

Tot ons genoeg was die GKSA die Donderdag op die sinode aanwesig. Die afgevaardigdes het voldoende geleentheid gekry om te sê wat hulle op die hart het en om groete oor te dra. Ons het selfs die indruk gekry dat 'n aantal misverstande uit die weg geruim sou kon word. So is byvoorbeeld uitdruklik verseker dat die vroulike diaken in die GKSA gewoon diaken is en nie 'n amp het wat afgeskaal is nie. Binne die GKSA is ondersoeke nog aan die gang of die susters ook in die amp van ouderling en predikant gestel kan word, maar sodanige besluit – sou dit geneem word – sal nie vroeër geneem word as in 2006 nie. Daar is wel van die kant van die sinode besorgdheid uitgespreek oor sulke (moontlike) besluite. Ook kon die afgevaardigdes meer inligting verskaf oor die lidmaatskap van die GKSA by verskeie organisasies. Daar is besluit dat die nuwe deputate hiervan gebruik kan maak en sodoende meer duidelikheid kan verskaf oor hierdie organisasies.

Deputate het ook die opdrag gekry om met die deputate van die

GKSA in gesprek te tree oor die aard van binding aan die gereformeerde belydenis en haar oortuiging aangaande die kerk en die kerkverband in die lig van Skrif en belydenis. Ons sal ongetwyfeld meer omtrent hierdie sake hoor.



TEOLOGIESE OPLEIDING

Voorwaar 'n warm yster. Hierdie jaar het die besprekings hieromtrent in 'n stroomversnelling beland met 'n beraad in Januarie en 'n *ad hoc*-sinode in Maart. Wat is die situasie? Daar is 'n teologiese opleiding, maar dit is eintlik net deur studente van die blanke gemeentes besoek. Op die oomblik is daar nie blanke studente nie, noudat drie hulle studies voltooi het. Die studente uit die Sotho-sprekende gemeentes besoek tans die Mukhanyo Theological College. Vir die studente uit die gemeente van Belhar is in 2002 nie 'n aparte opleiding ingestel nie, maar die dosente is gevra om 'n program vir hulle te ontwerp. In die praktyk het hiervan nie veel tereg gekom nie en het die meeste werk vir hierdie studente op die skouers van die predikante in die Kaap beland. Uiteindelik kon vasgestel word dat dit lyk asof daar verskillende visies bestaan oor die manier waarop aan die teologiese opleiding vorm gegee moet word. Tydens bogenoemde beraad en ook op die *ad hoc*-sinode in Maart was daar verskeie voorstelle, maar daar was steeds geen besluit nie, veral omdat almal gevoel het dat die materiaal te veel was om in so 'n kort tydjie 'n definitiewe besluit te neem. Ook nou het geblyk dat die sinode graag 'n aantal voorstelle wil ondersoek. Daar is dan ook besluit om 'n deputaatskap aan te stel om ondersoek

in te stel, met die betrokke instellings en persone gesprekke te voer en dan 'n definitiewe voorstel te formuleer nie later nie as November 2005. Op 'n vervolgsitting in Januarie 2006 sal die sinode dan 'n besluit kan neem. Vir die tussentyd het die sinode besluite geneem wat moet waarborg dat die huidige studente nie van die wa af val nie.

FINANSIES

Daar is genoem dat 'n finansiële kommissie benoem is wat diverse voorstelle en verslae m.b.t. die kerkverbandelike finansies moes bestudeer. Die belangrikste struikelblok was die groot verskil in inkomstevlak tussen die verskillende gemeentes in die kerkverband. Om nougeset te hou by dieselfde bedrag per lidmaat soos dit tans formeel geldig is, sal moontlik lei tot groot probleme vir sommige gemeentes wat reeds moeite het om hul eie finansiële verpligtings na te kom. Ook hiervoor is 'n deputaatskap aangewys wat ondersoek moet instel na 'n meer regverdigde verdeling van die laste oor die onderskeie kerke. Ook hulle moet met 'n moontlike oplossing vorendag kom in November van hierdie jaar. As basis is geneem die totale bedrag wat tans vir die kerkverband opgelewer is. Hierdie bedrag sal uit die aard van die saak wel by die inflasie aangepas word.

SLOTSOM

Die werk in die kerk sal nooit klaar wees nie. Ook is ons geroep om aan die kerk te werk, binne ons gemeente sowel as binne die kerkverband. Die benoemde deputate sal weer aan die werk moet spring en sommiges sal reeds so vroeg soos November 'n verslag gereed moet hê. Einde Januarie 2006 kom die sinode weer byeen, hopelik in die laaste sitting. Dan sal na verwagting besluite geneem word wat die kerke sal dien en die teologiese opleiding sal help. En DV in 2008 kom die volgende sinode byeen aan die voet van Tafelberg of miskien in die wingerde van Stellenbosch. Maar ek volstaan daarby dat dit êrens tussen hierdie twee sal wees.

IS SENDING NOG STEEDS 'n ROEPING?

- 'n Onderhoud met Ds Pieter en Jenny Boon

Harry en Wilma Pouwels

ONDERHOUD

Veiligheid misdaad, verantwoordelikheid teenoor die gesin en die prediking van ewige hoop, swart en wit kulture, armoede en rykdom, verstedeliking en troos-teloosheid is almal aspekte van sending. Hoe sien die nuwe sendingsgesin hulle opdrag in so 'n uiteenlopende wêreld van sending?

Pieter en Jenny Boon is vir Kompaslesers in die Pretoria omgewing alreeds bekende gesigte. Hulle het reeds die sendingspastorie betrek en gesellig ingerig. Pieter het sy studie in die klassieke tale in Pretoria afgerond en daarna na Nederland vertrek vir sy teologiese studie in Kampen.

Jenny het ook haar studies in die kunste in Pretoria voltooi. In hulle huis hang verskeie geskilderde pragstukke, waaronder hulle vyfjarige seun Jonatan en die driejarige Lydia. Klein Arjan, sowat tien maande oud, se speelboks, in 'n sonnige hoekie van die sitkamer, is getuie van sy teenwoordigheid in die huishouding.

Wat het jou laat besluit om 'n beroep in die sending aan te neem?

Ek het nog maar altyd 'n belangstelling vir die sending gehad. Dit was dan ook die reeds lang gevestigde belangstelling om die ewige hoop aan mense te mag deurgee wat die deurslag gegee het vir ons besluit om die beroep na Soshanguve aan te neem. Die feit dat ons altwee in SA gebore is, die liefde vir die land en die rykdom aan kultuurverskeidenheid het ook 'n rol gespeel.

Wat spesifiek trek jou van sendingwerk?

Sending maak 'n verskil. Die verkondiging van die evangelie aan heidene, maak 'n verskil in mense se lewens. Nie net op hierdie aarde nie, maar tot in ewigheid. Om die evangelie uit te dra is God se opdrag aan die mens en dit gee 'n groot bevrediging om daagliks deel te mag hê aan die opdrag.

Hoe ervaar julle die pastorie lewe?

Ons is darem al 'n tydjie in die pastorie, vanaf ons troue. Pieter was saans maar meestal uitstедig, en dan verdiep ek my in my skilderwerk. Sondae verloop anders. Sommige Sondae moet Pieter twee keer preek en daarna nog aan 'n byeenkoms in die vigs-hospies in Soshanguve deelneem. Op hierdie Sondae gaan die twee oudste kinders saam met oupa en ouma. So 'n dag is vir hulle te lank. Met een preek op Sondae gaan die hele gesin saam Soshanguve toe. Dit is vir my belangrik om die gemeentelede te leer ken en die geloofsband wat daar bestaan te verstewig. Vir 'n sendeling en sy gesin begin die rus op 'n Sondag wanneer die preke op die sendingsterrein afgehandel is. Mens kan die werk van 'n sendeling vergelyk met iemand wat sy eie besigheid het. Jy kan jou tyd indeel soos dit jou die beste pas, wat 'n mate van vryheid gee. Die ander

kant van die munt is dat mens die gevoel kry jy's nooit klaar nie. Maar in my geval is my werk my belangstelling, dis lekker om daarmee besig te wees.

Hoe ervaar julle die kultuurverskille.

Ds Arjan de Visser het 'n slag vir my gesê: "In sommige sendingsgemeentes is die mense al so verwesters, dat ek die jeug moes leer wat voorvaderverering is." Ons ervaar ook die sterk mate van verwesterliking. Veral in Soshanguve XX waar sommige gemeentelede net 'n Engelse Bybel saamvat kerk toe. Die nadele van verwesterliking is die sterk post-moderne gees wat heers. Tog het die invloede van die westerse wêreld ook baie positiewe dinge tot gevolg, bv. mediese versekering, wat vir ons lankal reeds 'n onmisbare noodsaaklikheid is, word nou ook deel van hulle lewens.

Nog 'n opvallende kultuurverskil wat besig is om te kwyn is die swart man se diepgewortelde angste vir die skepping. Dit het meegebring dat hy sekere bome byvoorbeeld sou uitloos omdat hulle sogenaamd geeste gehuisves het. Sulke bygeloof verdwyn met die Westerse invloed. Maar wat kom daarvoor in die plek? 'n Kaal en dor township of mense wat verantwoordelik met die skepping omgaan?

Wat is julle siening oor die omstandighede in SA, spesifiek wat die misdaad betref?

Tydens my studies in Nederland het ek die voorreg gehad om jaarliks na SA terug te keer vir vakansie. En elke keer as ek teruggekom het, was daar nog 'n ekstra veiligheidsmaatreël aangebring. Een jaar is die erf omhein, die volgende stap was hoër heinings, beligting om die huis het gevolg. Vir die deursnee SA was dit 'n normale en al meer aanvaarbare aanpassingsverskynsel. Vir uitlanders is dit 'n baie meer angswekkende gesig, omdat hulle dit van 'n afstand meemaak, nie fisies deel uitmaak van die geleidelike toename in misdaad nie.

Daar is bedreiginge. Maar 'n mens raak gou gewoond aan die omstandighede. Aan die begin ry mens met 'n gevoel van onveiligheid Soshanguve toe. Nou is die gevoel weg. Tog is dit noodsaaklik om waaksaam te bly en nie die realiteit te vergeet nie. As blanke in Soshanguve word mens met geld geassosieer. My voorgangers is al met vuurwapens gedreig. Dit maak mens wel waaksaam. Snaaks genoeg ervaar die swart mense die stad (Pretoria) weer as die plek waar allerhande gevare dreig. Daar waar rykdom en geld is, daar vind inbrake en rooftogte plaas.

Hoe vorder jou studies met die taal en ook die kursus by IRTT?

Dis 'n positiewe ervaring om elke week weer in

Soshanguve te kom en my vordering in die Sothotaaal te beleef. Elke keer as ek op Sondag uit die sangbundel "Lifela tsa Sione" sing, herken ek woorde wat ek geleer het en kan ek hulle konteks verstaan. John Mahlangu kom weekliks Pretoria toe vir sy Engelse kursus, en kom na die tyd na my toe om te help met Noord-Sotho. Ons lees 'n gedeelte uit die Bybel sodat ek die regte uitspraak en nuutste woordeskat kan aanleer. Sommige woorde in die studieboeke is oud en nie meer in gebruik nie, of word nie deur die mense in Soshanguve gebruik nie. Baie woorde is omgewingsgebonde. John gee baie goeie begeleiding hierin.



willigheid om te help, selfs fisies aan die werk te spring om so geld in te samel. Maar ons moet ook 'n ander tendens raaksien. Die gemiddelde Nederlander reis veel meer as vroeër. Hulle besoek ander lande en bou so wêreldwyd kontakte met geloofsgenote op. Die nood in byvoorbeeld die voormalige Oosbloeiland spreek hulle baie aan. Dis nader as SA en makliker om self daar te gaan kyk. Ons moet ons sendingswerk hier bly 'bemark', om dit maar so te noem, om die lief en leed van die sendingwerk in SA as 'n wesenslike gebeurtenis vir die Nederlander voor te hou.

Wat betref my kursus by IRTT (International Reformed Theological Training) werk ek nou saam met ds. Jerry Mhlanga wat ook tans besig is met die kursus. Ons verdeel die opdragte, elkeen kry 'n onderwerp om voor te berei waarna ons dit saam bespreek. Dit is ook baie goed vir ons onderlinge band en so kry ons ook die geleentheid om mekaar as kollegas te leer ken. As afronding van die IRTT moet ek 'n verhandeling inhandig oor 'n onderwerp wat betrekking het op my werksgebied. Ek hoop om dit te kombineer met die onderwerp van my doktoraalstudie, oor die aanwesigheid van Christus onder die heidenvolke. Hierin betrek ek wat die kerkvader Justinus hieroor geskryf het. Hy was self 'n bekeerde heiden.

Hoe het julle die kerklike situasie in Nederland ervaar met die verwickelinge daar?

Daar is beslis deining in die gemeentes en in die kerkverband in Nederland. Tog moet ons nie net met ongegronde kritiek saampraat nie. Verwêreldliking vorm vir hulle 'n groot bedreiging. Ervaar ons nie maar dieselfde hier in SA nie? Dit is net in Nederland in 'n meer gevorderde stadium. Aan die een kant is daar liberale kerkgenootskappe in Nederland wat net al hoe kleiner word. 'n Vrysinnige teologie is nie vrugbaar nie. Die vrysinnige dreiging neem af. Wel het die post-modernisme 'n toemenende invloed. Hoewel mense erken dat die Bybel iets verbied, lê hulle die Bybelse opdrag langs hulle neer en sê dat hierdie tyd iets anders vereis. Dit is tipies postmodern. Twee waarhede wat langs mekaar bestaan. Aan die ander kant is charismatiese denke 'n groot gevaar. Dit plaas ook die mens (en sy gevoel) in die middelpunt. Laat ons ons susterkerke goeie onderskeidingsvermoë en leiding toebid.

Is daar nog genoeg warmte in Nederland vir die sending in SA?

Daar is baie entoesiasme. Voorligting is egter baie belangrik. Die mense moet ingelig bly oor die werk wat op die sendingsterrein gedoen word. Dit gee bereid-

Julle is nou twee maande hier, wat val jou op in die sending, dinge wat uitstaan?

Die spanwerk wat op die oomblik in die sending in Soshanguve heers is opvallend en besonder. Dis 'n verrykende ervaring en wonderlik om deel daarvan te wees. Die Soshanguve span bestaan uit drie teologiese studente (John Mahlangu, George Mnisi en Thabo Matlaela), twee sendelinge (ds. Mhlanga en ek), ds. Magagula van Soshanguve-Noord en br Hilko Lubbinge. Ons werk baie nou saam om die werk in Soshanguve uit te voer, in opdrag van die sendende kerk en onder die seënende en bewarende Hand van die Here.

Hoe kan die gevestigde blanke gemeentes meer betrokke raak met sending, en hulp verleen?

Daar is vele moontlikhede. Om maar een te noem, die re-organisasie van die sending om so meer verantwoordelikhede aan elke gemeente te gee. Verder bly werkloosheid 'n groot probleem. Daar is 'n rykdom aan ervaring en vaardighede in ons gevestigde gemeentes. Dit moet aangewend word. Sosiale opbou is 'n ander voorbeeld wat betrokkeheid vra. Daar is reeds soortgelyke groepe aan die werk, wat hoofsaaklik op eie inisiatief, en volgens eie strukture funksioneer. Dit sou goed wees om hierdie vrywillige werk meer te koördineer en indien moontlik in samewerking met ander uit te voer.

Watter uitdagings sien jy vir die toekoms en op die langtermyn?

Ons het nie regtig uitdagings vir die langtermyn nie. Ons het, met die moord op my broer Hanno, geleer om van dag tot dag te lewe. Doen elke dag wat God vra, die res is in sy hande. Wat ek wel graag sal wil beleef is dat wit en swart kerke in een kerkverband, werklik saam funksioneer. Ek sal graag 'n bydrae daaraan wil lewer. Dit moet nie geforseerd wees nie maar voortvloei uit 'n hegte eenheid in die geloof. En dan ook dat die momentum wat daar op die oomblik in die sending heers, behou mag word, en daaruit nog meer preekpunte kan voortvloei. ☩

HEBREËRS

Ds P Nel

VENSTER OP DIE BYBEL

Die Here het opgestaan! Hy het aan God se regterhand gaan sit en so die volmaakte verlossing en heerskappy vir sy gemeente bewerk! Die Here God het met die daad sy Messias bekroon as die ewige Koning van heerlijkheid. Hy het 'n Koninkryk ingehuldig wat nooit weer sal verstryk nie, 'n lewe van troos en saligheid vir sy getroues van Set tot die jongste bekeerling! God het die beloftes van die Ou Testament, van redding uit die dood en van die Messias uit die saad van Dawid vervul. Al sien ons nog nie dat hierdie Koninkryk in sy heerlijkheid aangebreek het nie sien ons reeds die Here Christus as Anker en as Voorloper in die hemele, in geloof. Dit was 'n historiese daad in die geskiedenis. Christus het met groot ywer vir ons die pad oopgemaak en tree nou vir ons in, soos Hy die Sanhedrin die laaste nag vertel het Hy gaan doen. So volmaak was sy werk en offer dat die offers, die bloed en die vlamme, tot bedaring gekom het. In volkome satisfaksie het sy Vader Hom in die hemele ontvang en Hom aan sy regterhand laat sit. Daar wag Hy met alle mag in sy hand en hier op aarde wag ons in dank en blydskap. Ons wag vir die aanbreek van die volle en ewige Ryk van genade. Dit gee ons moed in sware tye. Dit laat ons mekaar aanspoor en dit dryf ons na heiligmaking uit dankbaarheid vir God se groot liefde.

'n WOORD VAN VERMANING

Wat hierbo gesê is, is die boodskap van Hebreërs, maar wat is Hebreërs? Is dit 'n brief, 'n preek of wat is dit? Gewoonlik word van Hebreërs gepraat asof dit 'n brief is. Ons Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) praat so daarvan. Maar wanneer mens Hebreërs oopslaan kom jy sommer gou agter dat dit verseker

nie dieselfde vorm het as die ander briewe in die Nuwe Testament nie. Dit meld nie die skrywer of sy lesers of hulle adres nie (vgl. Rom. 1:1, 6, 7; 1 Kor. 1:1-3, ens.) en verskil heeltemal van Paulus se gebruikelike inleidende woorde van lof en dank aan die gemeentes (vgl. Rom. 1:8; 1 Kor. 1:4, ens.; uitgesluit is Galasiërs). Hebreërs het wel 'n tipe ooreenkoms met 'n brief in sy afsluiting as dit "groete" oordra (13:24-25; vgl. Rom. 16:3; 1 Kor. 16:19, ens.) en 'n beplande besoek aan die lesers vermeld (13:23, vgl. Rom. 15:22).

Ons hoef ook nie angsvallig te probeer om God se ryke openbaringe in sy Skrif in een of ander geysde vorm te probeer klassifiseer nie. Hebreërs gee in elke geval self vir ons die beste beskrywing van wat dit is, naamlik "'n woord van vermaning" (13:22). Dieselfde uitdrukking word deur die hoofde van die sinagoge in Antiogië Psidië gebruik as hulle Paulus uitnooi om daar 'n woord te spreek (Hand. 13:15). Alhoewel dit daar vertaal is met "'n woord van vermaning" is dit in die Grieks dieselfde woorde as wat in Hebreërs 13:22 gebruik word.

Die feit dat Hebreërs van homself praat as 'n woord van vermaning, gekombineer met die uitnodiging van die sinagoge hoofde om 'n woord van opwekking te spreek en gepaardgaande met die feit dat Hebreërs ruim uit die Ou Testament aanhaal en dan verder uitlê dui daarop dat Hebreërs 'n woord van vermaning is in die Nuwe Testament en geskoei op die Ou Testament

DIE SKRYWER

Alhoewel die NGB Hebreërs se outeurskap aan "die apostel Paulus" toeskryf is daar geen rede vanuit

die teks self om dit te begrond nie, eerder die teendeel. Die skrywer praat van homself en sy lesers as derderangse ontvangers van die Evangelie (Heb. 2:3). Die skrywer staan dus nie soos Paulus op direkte openbarings van Christus nie (vgl. Rom. 1:1, 5; Gal 1:16, ens.), al is hy ook bekend met Timoteus (13:23). Daar is ook ander elemente wat weg van Paulus se kenmerkende eienskappe wys. Dit is dinge soos die kultiese taal (bv. die verwysing na Jesus as Priester uit die orde van Melgisedek; die ruim gebruik van die Tabernakel), die unieke wyse en strukturering van die aanhalings en hulle aanhalingsformules, en die goeie Grieks. Ander moontlike skrywers wat al deur bekendes genoem is, is: Lukas of Clemens van Rome (Calvyn), Barnabbas (Clemens van Alexandrië) en Apollos (Luther).

DIE LESERS EN WAAR HULLE HUL BEVIND

Net soos met die skrywer is daar nie genoeg getuie in die preek om met sekerheid te sê wie die lesers is, of waar hulle hul bevind nie. Die moontlikhede wissel tussen Joodse-Christene en Heiden-Christene en elkeen word gerugsteun met argumente uit die teks. Aanhangers van die teorie dat die lesers Joodse-Christene is wys op die gesag wat die Ou Testament geniet, die titel naamlik "aan die Hebreërs", die bekendheid met die kultus van die Tabernakel, die goeie eksegeese en die swye oor die besnydenis as tydelike seremonie wys op Joodse lesers. Die antitese met die Ou Verbond wys dan verder dat hulle Christene is. Nie een van die argumente is egter waterdig nie, alhoewel dit tog meer oortuigend is as dié van die aanhangers van die siening dat die lesers heidene is wat Christene geword het. Laasgenoemde wys weer op die feit dat Hebreërs sterk leun op die septuagint (Griekse Ou Testament), dat Hebreërs in baie goeie Grieks ge-


skryf is en dat daar tipiese Griekse elemente in voorkom soos die Platoniese ideëleer en klanke wat aan Philo herinner. Dit kan egter juis netsoveel wys op Jode wat hulle in 'n Griekse omgewing bevind.

DIE TYD

Ook dié aspek is debateerbaar en hang af van hoe sekere inligting in die preek verstaan word. Die volslae swye oor die verwoesting van die tempel gepaardgaande met die skrywer se gebruik van die teenwoordige tyd wanneer hy van die gebruike in die Tabernakel praat (10:1) kan daarop dui dat die tempel by geleentheid van die skrywe nog staan. Dit word gerugsteun deur die feit dat die ou verbond "naby aan verdwyning is" (8:13). Aan die ander kant kan die swye oor die tempel en konstante verwysing na die Tabernakel juis suggereer dat daar geen tempel (meer) is nie en dat die kerk, soos in Melgisedek se tyd, vreemdelinge op aarde is sonder 'n land, aardse koning en kultus. Hoe dit ook al sy word Hebreërs al reeds in 96 n.C. aangehaal deur Clemens van Rome en verwys die skrywer na Timoteus in lewende lywe.

DIE BOODSKAP EN DIE REDE VIR DIE BOODSKAP

Die "woord van vermaning" (13:22) het verskeie dimensies, soos die volharding in geloof ten spyte van teenspoed (2:8; 4:1; 11; 12; ens), die onderlinge vermaning (3:12; 6:20), die volgehoue strewe na heiligmaking (12:14; 10:19vv), die trou aan die belydenis (3:1; 4:4; 10:23). Dit alles wentel egter om die allesoortreffende werk van Christus, sy Priesterskap en die nuwe Verbond wat Hy met sy hemelvaart ingelei het. Die ruime gebruik van Psalm 110 (1:3, 13; 5:6, 10; 6:20; 7:17, 21; 8:1-2; 10:12, 21; 12:2) en Psalm 2 wys dat die Here ons in Hebreërs veral vermaan om nie van Hom in ons geloof af te wyk nie. In Christus se hemelvaart het God vir



sy gemeente die ewige oorwinning beseël, soos Christus self voor die Sanhedrin bely het (Matt. 26:64). Hebreërs help ons daarom self om sy hoofklem te begryp as dit in 8:1-2 sê "Die *hoofsaak* nou van wat ons gesê het is: Ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, 'n Bedienaar van die heilige dinge en van die ware Tabernakel wat die Here opgerig het en nie 'n mens nie.

DIE RELEVANSIE VAN HEBREËRS IN 2005

Die Here gee aan sy kinders 'n arsenaal van bemoediging en troos vanuit Hebreërs. Dit is woorde op die regte tyd vir die kerk van 2005 en ek gee slegs 'n paar relevante sake deur.

Die historisiteit en werklikheid van Jesus se opstanding en hemelvaart. In die Beeld van 11 Julie 2005 (sommer nou die dag dus) skryf professor Pieter Craffert van Unisa dat die opstanding van Jesus 'n opstanding in die gees is. Dit is vir hom dus geen historiese gebeurtenis, maar iets wat Christenmense "gelowig" (eerder positiewe denke!) aanvaar. Teenoor die leuen staan Hebreërs kennelik op 'n historiese opstanding. Naas die Evangelies is Hebreërs die boek wat die meeste beskrywings gee van Jesus se lewe op aarde en van sy hemelvaart. Hy self het eers die Evangelie op aarde *gepreek* (2:3). Hy het op aarde *reiniging vir ons sondes* bewerk en in die hemele *aan Gods regterhand gaan sit* (1:3) nadat Hy ons vlees en bloed deelagtig geword het (2:14vv).

Juis in die *dae van sy vlees* het Hy gebede en smekinge geoffer aan God met tranen. God kon Hom uit die dood red en God het ook! (5:7). Deur sy opstanding het Hy *die dood histories oorwin, waar dit sedert Adam die troefkaart was* (5:8 vgl 2:14-15).

Die eenheid van boodskap van die Ou en Nuwe Testament. Daar word vandag algemeen beweer dat die Ou en Nuwe Testament eintlik olie en water is, maar wat deur die vroeë Christene saamgeskud was ter wille van hulle "geloof" dat Christus die Messias was. Om hulle standpunt te regverdig moes die Ou Testament gemaak buikspreek word om die Christelike teologie te "bewys". Die Bybel in Praktyk sê byvoorbeeld dat die Christelike verstaan van die Messiaanse Psalms 'n "latere interpretasie is van die eerste Christene" en dat "die idee van 'n Messias 'n nuwe gedagte is in die tyd van die Nuwe Testament".¹ Navorsing, van byvoorbeeld Psalm 110, wys egter dat die Hebreërskrywer reg doen aan die oorspronklike bedoeling van die Ou-Testamentiese teks wat hy gebruik. Dit wys ook verder dat die uitlegtegnieke van Hebreërs volkome ooreenstem met die van sy mede nie Christen-rabbyne. Die verskil tussen Jood en Christen-Jood in die tyd van die Nuwe Testament was nie hulle siening en uitleg van die Ou Testament nie, want beide het duidelik 'n Messias verwag. Die *verskil was hulle geloof en ongeloof in Christus en sy uitleg* van die Ou Testament. Dit is dan merkwaardig dat Jesus juis self sy opstanding as die "Seun van de mens" vanuit Psalm 110 (en Dan. 7:13) geprofeteer het voor die Sanhedrin en voor sy dood! (Matt. 26:64). Selfs die mees kritiese lesers van die Nuwe Testament skryf die "Seun van die Mens" uitsprake toe aan die oorspronklike woorde (die *ipsissima verba*) van Jesus van Nasaret. Hy het dus self as historiese Persoon

voor sy dood vanuit die Ou Testament gewys dat Hy gekom het om op te staan uit die dood. Hierby sluit Hebreërs gewoon aan.

Die Inspirasie van die Ou en Nuwe Testament. Saam met die resente twyfels in die uitsprake van die Bybel gaan natuurlik die twyfels in een gemeenskaplike Outeur van die Skrifte, die Heilige Gees van God. As God immers self die Outeur van die Bybel is, is dit onfeilbaar en tydloos. Die Hebreërskrywer doen met sy inleidingsformules groot moeite om aan te dui dat God-Drie-Enig aan die Woord is in Ou en Nuwe Testament. Die aanhaling kom of uit *God* se eie mond (1:5; 5:5, 6), uit dié van *Christus* (2:12; 10:5) of dit is die woord van die *Heilige Gees* (3:7; 10:15 vgl. 9:8).

Die vervulling van die Messiaanse Psalms in die opstanding van Christus. In die spoor van diegene wat die eenheid van Outeur en intensie van die Ou en Nuwe Testament betwyfel is hulle wat meen dat selfs die mees direkte Messiaanse Psalms nie oorspronklik Christus in die oog gehad het nie, soos byvoorbeeld professor TT Cloete, hoofbermyer van die Psalms in die nuwe Liedboek van die Kerk². In Hebreërs (en die ander woord van vermaning, Handeling 13) is die woord wat gebring word egter gefundeer in die heerlike historiese feit van die opstanding van Christus as ewige Koning en Priester, soos geprofeteer in Psalm 110:1 en 4. Dit word (in albei gevalle) aangebied as die vervulling van die Ou Testamentiese beloftes van die komende Messias (vgl Hand. 13:32 met Heb.

1:1-3, 13; 5:5-6; HK Sondag 6, vraag en antw. 19). Hebreërs is ook die boek in die Nuwe Testament wat die meeste aanhalings van die Ou Testament bevat en volg in sy uitleg van die Ou Testament die voorbeeld van Christus (Luk. 24:44.) en fundeer sy basiese boodskap, naamlik dié van Christus se opstanding en ewige priester-skap, op die teks van Psalm 110:1 soos Christus dit self aanvanklik uitgelê het (vgl Matt. 22:41-46; 26:64). Om vandag Psalm 110 te sing sonder aanduiding van Christus is om van 'n troue sonder 'n bruid te probeer praat.

¹ Bybel in Praktyk, p. 756.

² Algemene Kerkbode, April 2002. ✠



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927



Een tweedehandse kopie beskikbaar van die boek van prof JL HELBERG: *Loof die Here – Die Psalms in Ou- en Nuwe-Testamentiese lig* (NGKB, 1981). Dagstukke oor Ps 1-150. R80. 311 ble.

DIE PSALMS SING VAN CHRISTUS – prof V E d'Assonville – word reeds deur baie gesinne as dagboek gebruik. Wie dit nog nie aangeskaf het nie, mis baie! Gaan lees die boek, gee dit as verjaarsgeskenk, gee dit aan jou ouers, aan jou opgroeiende kinders. Laat die skoonheid van die Psalms deur-werk in jou lewe.


Jy sal verbaas wees om te sien hoe jou hele lewe, vreugde en hartseer, in die Psalms weerspieël word en hoe jy onder die indruk kom van die HERE van lewe en dood. R90. 194 ble.



huisbesoek? Soorte huisbesoek, Gesprekke tydens huisbesoek en aspekte van gesprekvoering, Die ouderling en die prediking, Die ouderling in die konsistorie, Die verslag oor 'n huisbesoek. Met 'n alfabetiese register van onderwerpe en gesprekstemas met aanvullende notas en toepaslike tekste. Die prys is R75. Aantal ble. 145

'n Paar tweedehandse kopieë beskikbaar van die bekende **HANDBOEK BYBELSE GESKIEDENIS** – die Nuwe Testament – van die hand van Prof E P Groenewald. R125. 570 ble.

HENK ASKES: Die ouderling vandag – 'n Praktiese handleiding is weer beskikbaar. O.a.: Huisbesoek vandag, Wie en wat is die ouderling? Die ouderling as persoon, Waarom



CD's is nou slegs verkrygbaar by Rooiels Boekhandel (sien adres hieronder).

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad
Folmer Boekhandel
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883

Pretoria
Rooiels Boekhandel
(Irene van der Meer)
Laseandrallaan 115
Môregloed
0186
Tel 012 – 333 8064



ONDERLINGE PASTORAAT IN DIE GEMEENTE

Dr. A Noordegraaf

GEESTELIKE LEWE

Sy vertel vol vertroue en eintlik baie rustig dat sy komende week vir 'n oogoperasie in die hospitaal opgeneem word. Almal luister geïnteresseerd na haar verhaal. Sy vertel ook hoe bly sy is dat hulle juis op hierdie Sondag as Bybelstudiegroep bymekaar is. Voorheen het sy dit as bemoedigend ervaar as daar vir iemand in die groep gebid is. "Wil julle vandand vir my bid?" Ook ander in die groep het moeities waarvoor daar saam gebid word. Ons voel ons gebonde aan mekaar deur saam te bid – ook vir hierdie hospitaalopname.

Oor onderlinge pastoraat in die gemeente word vandag steeds meer gereeld gepraat en geskryf. Dit is egter nie altyd duidelik hoe mense dit verstaan nie. Meesal word daarmee bedoel (kortliks gesê) dat gemeentelede na mekaar omsien en mekaar bemoedig in die geloof. Dit beteken dat pastoraat, as kernaktiwiteit van die kerk, nie alleen gesien word as die werk van ouderlinge en predikante nie, maar ook as 'n taak van die gemeentelede self.

Twee voorbeelde word hier genoem:

- 1 In 'n inligtingsboek oor die sogenaamde "miniwyk" staan dat 'n miniwyk of kleingroep 'n belangrike moontlikheid skep om die waarheid van God se Woord met mekaar te deel en die nodige Christelike sorg te ontvang en te gee. Die doelstellings van 'n miniwyk is om wyke te skep waarin lede na mekaar omsien, mekaar opbou, hulp verleen en soos nodig mekaar tereg wys, soos ons dit in die Bybel lees in die briewe van Paulus en Petrus.
- 2 In 'n ander boek word daarop gewys dat in die verlede die praktyk van die kerkwerk, inklusief die pastoraat, baie keer saamgeval het met die werk van die predikante, ouderlinge en diakens. Dit is ons wins dat ons in die laaste tientalle jare ontdek het dat ONS die kerk is. Al die lede van die gemeente van Christus is geroep om te dien en het 'n pastorale taak.

Maar wat word presies met onderlinge pastoraat bedoel? Wat hoort daarby en wat nie? Hierdie artikel probeer dit te beantwoord.

WAT IS PASTORAAT?

Om te weet wat onderlinge pastoraat is, moet jy eers die woord pastoraat verstaan. Watter inhoudskriteria geld daarvoor? 'n Pastorale gesprek is nie outomaties 'n pastorale gesprek omdat 'n predikant daarby betrokke is nie. 'n Gesprek word nie pastoraal vanweë die status van die ouderling of predikant nie. Dit hang af van die inhoud van die gesprek. Dit moet aan die volgende kriteria voldoen:

- * (Die Basis) Die gespreksgenote wil rekening hou met God en sy evangelie en is verbonde aan die Christelike gemeente.
- * (Die Inhoud) Die gemeentelid word in sy of haar persoonlike situasie vanuit God se evangelie op so 'n manier "aangespreek", dat die verhouding tussen Christus en die gemeentelid vernuwe of herstel word.
- * (Die Effek of funksie) In die pastoraat word herkenbaar en aanwysbaar gewerk om te herstel, by te staan, te begelei en te versoen.

Volgens hierdie kriteria kan die volgende definisie van pastoraat geformuleer word, nl:

Die hulpverlening aan mense om hulle persoonlike situasie te leer sien en te leer ervaar in die lig van en in lyn met God se evangelie en met die doel dat hulle selfstandig geestelik kan funksioneer.

Vervolgens 'n toeligting op bepaalde onderdele van hierdie definisie.

Hulpverlening

Hulpverlening gebeur deur middel van die vier funksies van pastoraat nl. herstel bied, bystand bied, begeleiding gee en versoening bewerk. Met hierdie funksies word aangedui wat 'n predikant spesifiek wil bereik. By 'n pastorale besoek kan een funksie oorgaan na 'n ander een, bv: in 'n moeitevolle situasie van lyding sal 'n predikant, nadat hy eers sorgvuldig geluister het(!), allereers aan 'n gemeentelid troos en bemoediging vanuit God se Woord wil gee (bystaan). In 'n later stadium kan hy daaraan werk dat 'n gemeentelid in sy ontstane situasie 'n nuwe ewewig vind (herstel bied). Meerdere funksies kan ook saam aan die orde kom. Gemeentelede staan soms voor geloofskeuses en geloofsbesluite waar die predikant 'n helpende hand kan bied deur iemand aan te moedig en toe te rus (begeleiding). Tegelykertyd kan 'n gemeentelid homself beter leer verstaan en meer in sy aanvaarbaarheid voor God glo.

Persoonlike situasies

Die situasie waarin mense hulle bevind op die oomblik wanneer hulle pastorale sorg ontvang.

Leer sien en leer ervaar

Dit gaan in die pastoraat dikwels oor 'n proses waar deur mense insig kry oor hoe gebeurtenisse in hul lewens in verhouding tot God se evangelie staan. Daarby speel nie alleen kennis (insig) 'n rol nie, maar gaan dit ook oor die ervaring daarvan.

Selfstandig geestelik funksioneer

Dit is 'n term wat 'n houding beskryf waarmee jy as kind van God en navolger van Christus in die lewe staan. Daarby is veral belangrik dat jy in vryheid en

verantwoordelikheid jouself durf wees, in jou verhouding met God en Christus en met die mense rondom jou en in allerlei situasies wat kan voorkom. Kortliks beteken selfstandige geestelike funksionering dat jy in staat is om 'n keuse so te maak (selfstandig funksioneer) dat God en Christus sentraal in jou lewe bly staan (geestelik funksioneer as Christen).

WIE IS AKTIEF BETROKKE BY PASTORAAT?

In die Nuwe Testament word 'n pastorale aksie beskryf met die grondwoord *parakalein*. Dit kan vertaal word as: die aanspreek van een persoon tot 'n ander een, op 'n bemoedigende of vermanende manier. Hierdie manier van aanspreek vind plaas op grond van die basis van "die barmhartighede van God" (Rom 12:1) of "by onse Here Jesus Christus en by die liefde van die Gees" (Rom 15:30) of "by die Naam van onse Here Jesus" (1 Kor 1:10) of "by die sagmoedigheid en vriendelikheid van Christus" (2 Kor 10:1). Verder blyk uit Rom. 12:8 dat hierdie "aanspreek" 'n charisma is en gegee is tot opbou van die gemeente. Wie hou hom dan besig met hierdie aksie van aanspreek? Wie is aktief in die pastoraat?

1. Predikante en/of pastorale werkers wat professionele opleiding in die pastoraat ontvang het. Timótheüs was bv. die predikant van die kerk in Efese en deel van sy taak was om die gemeente aan te spreek. (1 Tim 4:13) "Totdat Ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering" (vergelyk 6:2b).
2. Ouderlinge: Titus moes op Kreta oudstes aanstel wat "in staat is om te vermaan" (Tit 1:9).
3. Gemeentelede: In die Nuwe Testamentiese briewe vind ons herhaaldelik die oproep dat gemeentelede mekaar onderling moet "aanspreek". Sien bv. 2 Kor 2:7, 1 Thess 5:11 en Hebr 3:13.

Gemeentelede en ouderlinge is die vrywilligers in die pastoraat. Die predikant en die pastorale werker is professionele werkers. Verder is die ouderlinge en die predikant as ampsdraers van die gemeente bevestig, maar die pastorale werker nie altyd nie.

WAT IS ONDERLINGE PASTORAAT?

Twee gegewens kan hier met mekaar gekombineer word. Ten eerste die Bybelse gegewe dat gemeentelede pastoraal aktief is, en ten tweede die gegewe omskrywing van pastoraat met die kriteria om daaroor te kan praat.

Hieruit kom die volgende omskrywing van pastoraat tussen twee of meer gemeentelede voort. Dit sluit predikante, pastorale werkers en ampsdraers uit.

- * (Die Basis) As gespreksgenote wil die betrokke gemeentelede rekening hou met God en sy evangelie en is hulle pastorale kontak in die wyere konteks van die Christelike gemeente.
- * (Die Inhoud) Die een gemeentelid word in sy of haar persoonlike situasie deur die ander gemeentelid vanuit God se evangelie "aangespreek", op so 'n manier dat die verhouding tussen Christus en die gemeente-



lid vernuwe of herstel word.

- * (Die Effek of funksie) In die pastoraat word herkenbaar en aanwysbaar gewerk om te herstel, by te staan, te begelei en te versoen.

Al vier die funksies hoort by onderlinge pastoraat. Dit gaan egter hoofsaaklik oor die funksies van bystand en begeleiding. Dit is die twee funksies wat gewoonlik dan ook eerste nodig is. Dit beteken nie dat funksies wat herstel en versoening bewerk, wegval nie. Veral nie as daar gemeentelede met baie pastorale ervaring is nie.

Op hierdie manier kom ons by die volgende omskrywing van onderlinge pastoraat uit.

As gemeentelede met mekaar meeleeft en vir mekaar sorg deur middel van persoonlike gesprekke of groeps gesprekke en mekaar bemoedig en "aanspreek" vanuit God se Woord, met die oog op sy of haar selfstandige geestelike funksionering.

Hierdie omskrywing maak duidelik dat elke gemeentelid 'n "pastorale werker" vir 'n ander gemeentelid kan wees. Dit is wel so dat sommige gemeentelede die gawe het om te kan "aanspreek". In die Christelike gemeente is dit ook nie nodig dat almal dieselfde doen nie. Elkeen het sy eie gawes. Jy sou kon sê dat gemeentelede mekaar deur onderlinge pastoraat, basiese pastorale sorg bied.

WERKMETODES VAN ONDERLINGE PASTORAAT

Persoonlike gesprekke en groeps gesprekke is voorbeelde van werkmetodes van onderlinge pastoraat.

- In onderlinge pastoraat is persoonlike gesprekke tussen twee gemeentelede die werksmetode wat die meeste voorkom. Uiteraard is nie elke gesprek tussen twee gemeentelede 'n pastorale gesprek nie. Die inhoud van die gesprek is hier belangrik. Die een gemeentelid word in haar persoonlike situasie op so 'n manier vanuit God se evangelie aangespreek dat haar verhouding met Christus herstel of vernuwe word. Terselfdertyd moet daar ook iets herkenbaars en aanwysbaars wees van een van die funksies van pastoraat, veral van die van bystand en begeleiding.
- Onderlinge pastoraat in die vorm van groeps gesprekke kan voorkom waar groepe wat dieselfde

moeites en probleme het (bv. geskeidenes, weduwees en wewenaars) mekaar bystaan. Hier is dan sprake van onderlinge pastoraat, maak nie saak hoe klein die groepe is nie.

In sommige kerke word gebruik gemaak van “kleingroepe”. Gewoonlik word in so ‘n vorm die bestaande ouderlingwyke onderverdeel in drie tot vyf kleiner groepe (miniwyke) wat een keer per maand bymekaarkom. In hierdie miniwyke vind onderlinge pastoraat plaas – die verneem na mekaar se situasies, die omsien na mekaar, meelewing betoon en die deel van vreugdes en verdriet.

DIE PASTORALE STRUKTUUR VAN DIE GEMEENTE

Onderlinge pastoraat is ‘n essensiële onderdeel van die totale pastoraat in die gemeente. Daar is reeds genoem dat gemeentelede, ouderlinge en predikante aktief in die pastoraat is. Onderlinge pastoraat en pastoraat deur hulle wat die gemeente lei in die weg

van die Here, maak die pastorale struktuur van die gemeente sigbaar. Daarin word iets herken van wat Paulus skryf in 1Thess 5:12-15. Hy maak onderskeid tussen “die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan” (12,13) en die gemeentelede (“broeders” 14,15). Die voorgangers moet vermaan, d.w.s. mense wat afdwaal van God se weg weer opnuut God se weg laat sien. Tegelykertyd roep Paulus die gemeentelede op tot onderlinge pastoraat (en diakonaat). Hy sê ook: “Vermaan die onordelikes, bemoedig die kleinmoediges, ondersteun die swakkes en wees lankmoedig teenoor almal.”

So is elkeen op basis van sy eie verantwoordelikheid en taak besig met pastoraat. Hierdie pastorale struktuur is daarop gerig dat niemand in die gemeente sonder ‘n luisterende oor en ‘n liefdevolle oog hoef te lewe nie, maar dat almal juis bemoedig word in die lewe met God waarin Christus sentraal staan. Dit is die doel van pastoraat en ook van onderlinge pastoraat. ☩

LITURGIE

- Kinders in die kerk, is dit nou nodig?

H. Walinga

LITURGIE

In hierdie artikel wil ek u aandag vra vir ‘n aspek wat aan die erediens en daarom ook aan die liturgie verbind is. Die onderwerp is “kinders in die erediens”, daarmee saam wil ek ook iets sê oor persoonlike- en gesinsliturgie.

“Dis heeltemal te moeilik vir hulle!” hoor mens soms ‘n ma sê as sy oor haar kinders in die kerkdiens praat. Ek is seker dat almal sal saamstem dat daar inderdaad makliker dinge vir ‘n kind is om homself mee besig te hou. Veral wanneer die erediens in die beleving van die kind net bestaan uit lang en moeilike preke, stilsit, eerbiedig wees, nie hard kou op jou peperment nie, nie agterstevoor in die bank sit nie, na die dominee kyk, saamlees en saamsing. Dit is alles dinge waarvan die gemiddelde kind nie regtig hou nie.

Die gevolge hiervan kan baie sleg wees. Die kind kan dalk negatief oor die kerk gaan dink. Is ‘n kinderdiens die oplossing? Is ‘n aangepaste preek die oplossing? Moet ons die kinders ‘n taak in die

erediens gee? Is ‘n kinderkoor die oplossing? Hoe kan ons tog bereik dat die kinders nie ‘n negatiewe beeld van die erediens kry nie? Meer nog: hoe kan ons bereik dat hulle dit gaan waardeer? Met ander woorde, dat dit vir hulle meer beteken as “dit hoort nou eenmaal so”?

Kinders hou van die dinge wat hulle ouers as aangenaam ervaar. Ons is ons nie altyd bewus hiervan nie, maar dit is gewoonlik wel so. Die vraag is dan: wys u as ouer(s) dat u bly is om weer kerk toe te gaan? Dalk nog ‘n belangriker vraag: IS u ook bly om kerk toe te gaan? Indien wel, wys u dit dan ook vir die kinders? Nie slegs die ouers nie, maar alle volwassenes in die kerk het hier ‘n verantwoordelikheid. Laat u, wanneer die kinders saam luister, in u gesprekke oor die kerkdiens u dankbaarheid deurklink, of het u net negatiewe kommentaar? Wanneer u kritiek het, word dit opbouend gelewer? Natuurlik weet u lankal dat kinders (of hulle nou van u eie gesin is of nie) haarfyn aanvoel of u met plesier oor die kerk praat of met ‘n negatiewe onder-



toon. As iemand aan u kind sou vra: “Is jou ouers bly om kerk toe te kan gaan?”, wat dink u sal u seun of dogter antwoord?

Ouers moet vir hulle kinders hulpmiddels verskaf waardeur hulle die erediens kan geniet. Dit is ‘n moeilike taak, maar dit word onmoontlik as u nie self bly is met die erediens nie. Daarmee kom ons by persoonlike en gesinsliturgie. Dit vorm die basis van die kind se kennis oor die betekenis van die erediens. Ons weet almal dat dit nie eenvoudig is nie! Maar dit hoef ook nie eenvoudig te wees nie. ‘n Kind wat vir die eerste keer ‘n potlood in sy hande kry, teken ook nie dadelik ‘n volledige jagtoneel nie. Dit begin met ‘n paar krappe, later

word dit kopvoeters en nog later staan daar skielik 'n herkenbare motor op die papier. Maar dink u dat die kind by sy eerste krappery minder plesier gehad het as met die motor? Dit hang af hoe mamma reageer. As sy sê dat dit maar net krappe is of dat die kar se wiele nie mooi rond is nie, dan vrees ek dat die artistieke neigings van die kind gou geblus sal word. So moet die kind ook op sy of haar eie tempo leer om die erediens te ken. Klein stappies, wat vir die kind geskik is. Maar ons moet onthou om die handjie vas te hou, aan te moedig, want as die kind val of nie stimulasie kry nie, dan is die gevolge ramspoeedig.

Ons lees in sommige boeke oor kinders in die erediens van voorbeelde wat in die Ou Testament genoem word, veral in die besondere byeenkomste en feeste. Ons weet nie hoe dit in die Ou Testament by die "gewone dienste" was nie. Ook uit die Nuwe Testament weet ons nie veel daaroor nie. Uit ander bronne weet ons dat die seuns op hulle twaalfde of dertiende jaar "Bar Mitswa" word. Dit beteken "seun van die wet" – verantwoordelik sou ons kan sê. Uit Bybelse bronne kan ons egter niks vind oor die jonger kinders nie. Waar die Bybel praat oor die kinders en oor hulle (geloofs)opvoeding, word daar altyd gewys op die taak van die ouers om "die groot dade van die Here te vertel."

In die Israel van vroeër, en vandag nog by die ortodokse Jode, het hulle dit goed verstaan. By die Pasgavering was en is dit 'n vaste gewoonte dat een van die kinders moet vra: "Vader, wat beteken tog die bitter kruie?" Die vader van die gesin moet dan verduidelik van die ellende in die land Egipte en oor die sterk arm van God waarmee Hy Israel bevry het. Pragtige gesinsliturgie! (Soms wonder ek by myself hoe dit by ons gebeur. By Paasfees: "Pa, wat beteken die eiers?" En by Kersfees: "Mamma, wat beteken die versierde denneboom?")

Kinders hoort by die erediens. Die redes hiervoor is presies dieselfde as by die doop: hulle is in Christus geheilig en behoort daarom as lede van sy gemeente gedoop te wees. Lede van sy gemeente: klein, maar belangrik.

'n Predikant mag en moet ook daarmee rekening hou. Hy weet wanneer hy sy preek maak, wie in die gemeente is. Daar sal ook kinders by wees. Maar, net so min as wat hy in sy preek uitsluitend die broeders aanspreek en nie die susters in die gemeente nie, net so min sal hy ook uitsluitend die kinders aanspreek. Want op sy skouers rus die swaar taak waarvan al vroeër gepraat het: om die gemeente te vertroos, te vermaan, op te skerp, ens. Die hele gemeente. Dit is ook die kinders, ook die alleenstaandes, ook die bejaardes, die tieners, die meelewende jongmense en die twyfelende broeders. Dit sal vir almal duidelik wees dat dit nie alles op dieselfde tyd kan gebeur nie. Dit sou ook te kunstmatig word dink ek. Maar deur die bank sal elkeen deur die loop van 'n paar eredienste hom aangespreek kan voel. As die kinders in hierdie opsig minder kry as die res, moet ons hulle nie uit die erediens wegvat nie, want die gevolg hiervan is dat hulle nie meer by die gemeente behoort nie. Dan gooi jy die kind met die badwater weg. Dan is dit belangrik om die dominee in alle sorgvuldigheid daarop te wys. Hy sal dankbaar wees daarvoor dat hy so deur die gemeente gesteun word in sy swaar taak wat hy op Sondag het.

Daar is in die kerklike lewe allerlei moontlikhede vir elke "groep" gemeentelede en vir elkeen afsonderlik, om aan die werk te spring met die Woord. Manne- en vroueverenigings, Bybelstudieverenigings, jeugverenigings, katkisasies vir jong kinders en jeug, Bybellese en onderwys in die kerkgeskiedenis en op die laerskole, kinderbybels by

die huis, ouers wat die kinders oor die Here vertel . . . , so kan ons aangaan. Gedurende die week kan elkeen reëlmatig op sy of haar eie vlak aangespreek voel oor die Here en sy Woord. Dit word nie net ingedeel volgens leeftydsgroep nie, maar ook volgens belangstelling, leefwêreld en moontlikhede.

Daarom is dit juis ekstra mooi dat die twee momente in die week waarop die hele gemeente saamgeroep word, eintlik die diversiteit van die ander moontlikhede onderstreep en van 'n skitterende uitgangspunt voorsien. Jy sou kon sê dat ons op die eerste dag van die week gesamentlik begin en daarop voortbou in die huiskamer, die klaskamer, die katkisasielokaal en saans wanneer die kleintjies bed toe gebring word. Wys maar terug na die erediens, juis en veral as dit vir die jongstes moeilik was.

As gevolg van bogenoemde is ons in ons kerke nie beïndruk met kinderdienste nie. Laat die kinders liewers saamgroeï in die "normale" dienste. Saamgroeï vra om voedsel. Voedsel wat deur hulle ouers aan hulle voor gesit word. Vir die kleinste is dit fyngemaak om maklik te eet, die oueres kry groter stukke. Voedsel wat Vader hulle voorsit in die eredienste, en wat deur pa en ma in kleiner stukgies gesny moet word.

Weet u wat die mooiste hiervan is? Wanneer u met u kinders praat oor die eredienste en oor die verskillende onderdele daarvan, dan leer u self ook baie daarvan. Die vroeë van kinders kan soms 'n verrassende lig laat skyn op vanselfsprekende sake. Hulle kyk met nuwe oë daarna en die formulering van 'n antwoord kan u dwing om self ook goed daaroor na te dink.

Nadink oor liturgie, in gesinsverband en persoonlik, by die vereniginge of saans voor jy gaan slaap, vergroot die genot van die Sondag.

✠

DIE ENIGSTE KIND

GF Pels

OPVOEDING EN ONDERWYS

Die bure het net een kind, 'n meisie van vier jaar oud. En praat 'n mens van vooroordele, dan is dit verseker oor enigste kinders. Die ander bure staan alreeds klaar met hul oordeel: die arme meisie; heeltemal alleen, niemand in die huis met wie sy kan speel nie. Daardie kind sal seker baie bederf word ... Wat maak sy tussen al die grootmense? Sy sal seker gou groot wees ... Die vraag is natuurlik of hierdie vooroordele ooit tereg is. Is die enigste kind regtig so sielig of eensaam, word sy werklik so baie bederf en lei dit tot egoïsme?

Wanneer 'n kind gebore word, het die res van die gesin verseker 'n invloed op sy of haar ontwikkeling, maar die feit dat daar meer kinders in 'n gesin is, is nie 'n waarborg vir 'n beter ontwikkeling nie. Gaan 'n mens uit van die grondbeginsel dat die gesin vir die ontwikkeling van 'n kind veral 'n plek van veiligheid en geborgenheid moet wees, lyk dit of die klein gesin gunstiger is; in die klein gesin is immers meer geleentheid om op die kinderlike gedrag in te werk.

Kyk 'n mens na die grootwordproses in 'n groot gesin, blyk dit dat nie alle kinders ewe goed met mekaar oor die weg kom nie. Verally die middelste kinders het meestal nie veel aan die oudste nie, maar wel aan die jongste kinders.

Kom ons beskou 'n aantal ontwikkelingsaspekte van naderby. In die eerste plek, en ook die mees ooglopende: die sosiale gedrag. By sosiale gedrag word nie net gedink aan die vermoë om met mekaar te kan omgaan nie, maar ook aan die vermoë om met die ander te kan saamwerk: om afsprake te kan maak en jou ook daaraan te kan hou.

Ervaring het geleer dat dit nie vanselfsprekend is dat 'n groot gesin jou sosiaal beter vorm as 'n klein gesin nie. In die groot gesin leer 'n

mens wel om met meerdere mense om te gaan, maar nie in die sin van: hoe kan ek betrokke wees by hierdie mense, wat het ek aan hulle en wat het hulle aan my, nie; maar meer op 'n manier van "aanpas": jy word vaardig daarin om die ander te paai of te ontloop. Daarenteen leer die enigste kind om hierdie omgang meer te verdiep, omdat hy hom by slegs een of twee mense hoef aan te pas. Die enigste kind het ook geen kompetisie nie en het minder nodig om vir homself op te kom. Daar is wel 'n risiko dat die kind, indien die ouers te oorheersend is, te min na vore kom en homself al gou terugtrek in sy eie klein wêreldjie. In die gesin waar, demokraties beskou, meer ruimte is vir die kinderlike gedrag, sal die sosiale gedrag gestimuleer word. Dit blyk dat die enigste kind, as hy op hierdie manier benader word, uiteindelik meer bereidwillig is om met ander saam te werk. Die sg. "gesinskind" is eerder geneig om jaloers te word en minder samewerking te gee.

'n Ander aspek is die selfstandigheid. Die gesinskind het dikwels nogal moeite hiermee. Die gesinskind het, verally as daar meerdere kinders bo hom is, 'n paar "pa's en ma's". Hulle neem al gou die hef in die hand vir die jongeres, sodat hulle min kans kry om selfstandig op te tree. Daarenteen kry die enigste kind meer aandag van sy ouers en dit stimuleer hom in sy doen en late. Frustrasies word dikwels voorkom, omdat die ouers aan die kind kans gee om sy fout te herstel (terwyl daar vir die gesinskind al gou iemand is wat dit wel vir hom sal doen) en daarmee word die deurstellingsvermoë gestimuleer, sodat sy selfvertroue toeneem. Demokratiese ouers laat sodoende meer aan die kind oor, waardeur sy selfstandigheid sterk bevorder word.

Om die enigste kind te wees, behels



natuurlik ontwikkelingsaspekte wat met die eerste oogopslag nie altyd lekker vir die kind is nie. Die enigste kind toon soms 'n sekere mate van sosiale onhandigheid. Die kind kry binne die gesin minder direkte reaksie op sy doen en late; hierdeur leer hy die grense van sy eie vermoë minder goed ken, sodat hy nie altyd weet wat 'n mens wel moet doen of nie en wat jy wel kan sê of nie.

'n Ander punt is dat by enigste kinders oor die algemeen 'n mindere behoefte aan kontak met ander bespeur kan word. Die kind het immers geleer om homself te vermaak? Hy skep soms 'n hele droomwêreld om homself te handhaaf en binne hierdie wêreld oefen die kind tog wel sy eie vermoëns, maar dan sonder reaksies van ander. Dit kan daartoe lei dat die kind 'n te oop houding teenoor ander het, omdat hy nie regtig geleer het om natuurlike grense tussen mense in ag te neem nie. Aan die ander kant sien ons dikwels dat enigste kinders minder las het van 'n tekort aan kontakte of vriende.

Die teenoorgestelde is egter ook waar: die enigste kind ervaar die eensaamheid soms as onaangenaam, verally in die nag. Die ouers het mos mekaar en hy het niemand nie. Om hierdie probleem die hoof te bied, het menige kind 'n denkbeeldige maatjie.

Die enigste kind lyk soms ouer as sy leeftydgenote. Die omgewing waarin die kind opgroeï, bestaan uit ouer mense wat meer dinge weet en kan doen as die kind. Die enigste kind sal homself dan aan hulle meet. Dit kan ons bv. aan sy taalgebruik agterkom: dit klink meer soos die taal van die volwassene as soos kindertaal.

Oor die algemeen is enigste kinders nogal netjies en ywerig, want ook hier werk die voorbeeld van die ouers stimulerend. Die kind moet of wil net so wees soos pa en ma.

Die enigste kind leer al vroeg dat jy in jou ouers se goeie boekies moet bly. Daar is geen boeties of sussies op wie jy kan steun of agter wie jy kan skuil nie. Oor die algemeen aanvaar die kind die gesag van die ouers, met die gevolg dat daar minder konflik t.o.v. gesag is as by gesinskinders. Soms gebeur dit dat dit in die pad van die eie identiteit staan. As die kinders dan volwasse is, soek hulle al gou aansluiting by mense wat vir hulle die pad aandui, al loop hulle dit daarna meestal wel selfstandig.

Op nog 'n punt moet gewys word: die enigste kind kan homself nie vergelyk met anders kinders ten opsigte van sy geslag nie. Hy is aangewese op sy ouers. By gesinskinders is dit anders; dadelik by die geboorte van 'n boetie of 'n sussie sien die kind 'n ooreenkoms of 'n



verskil met homself. Hierdie kind leer gouer om met sy geslag om te gaan; dit geld natuurlik net as die gesin uit albei geslagte bestaan, want anders kan daar steeds 'n skewe beeld van die werklikheid ontstaan.

Sou intelligensie 'n vorm van aanpassing wees – soos die Franse kindersielkundige Jean Piaget beweer – dan sal duidelik blyk dat die enigste kind homself eerder op 'n sekere vlak moet aanpas as die tweede of die derde kind. Dit hou in dat die intellektuele vermoëns sterker sal ontwikkel by die enigste kind as by gesinskinders. Dit wil nie sê dat die enigste kind noodwendig intelligenter is nie; hy kan homself net beter aanpas en skep soms die indruk dat hy slimmer is.

Ten slotte moet nog iets gesê word oor die gesinsklimaat, want, al sê 'n mens wat ook al oor die kinderlike ontwikkeling, sonder 'n

gesonde pedagogiese klimaat kan 'n kind nie floreer nie. Hoewel dit vir elke kind belangrik is om in 'n goeie pedagogiese klimaat op te groei, geld dit in die besonder vir die enigste kind. Gesinskinders kan hul heil by mekaar vind, maar die enigste kind is "oorgelewer" aan sy ouers.

'n Goeie gesinsklimaat bied aan die kind veiligheid en liefde; as dit ontbreek, kan gepraat word van pedagogiese verwaarlosing. Daar waar veiligheid en liefde is, daar weet die kind dat hy aanvaar word. Kinders kan aan hul lot oorgelaat word of hulle kan oorheers word, maar ook hier geld dat die goue middeveg die beste is.

Dit gaan goed met die enigste kind as hy ouers het wat hom liefhet en aan hom die nodige vryheid gee. In sodanige demokratiese gesinsklimaat weet die kind dat hy aanvaar word en kan hy volgens vermoë ontwikkel. Vryheid beteken nie dat die kind aan sy lot oorgelaat word nie, maar dat bepaalde keuses aan die kind oorgelaat word. Hierna word verwys as vryheid binne perke, en dit bied 'n groter gevoel van veiligheid aan kinders as wat deesdae aan ons voorgehou word. Die ontbreking van hierdie gevoel is heel waarskynlik die direkte oorsaak van die pedagogiese insinking waarin baie kinders hul bevind.

Vertaling van: *Het enig kind* uit: *Wegwijs* 59(4), April 2005. ✠

